

HOOFSTUK I.

DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN HANDWERK AS VAK IN DIE TRANSVAALSE MIDDELBARE SKOOL.

A. INLEIDING.

1. Terminologie en Definisie.

Streng gesproke beteken die woord „handwerk” eintlik „werk met die hande”. In dié sin is die term wydlopiq en sluit in alle vorms van werk, vanaf die eenvoudige takies tot die mees ingewikkelde en gekompliseerde werkstukke wat 'n hoë mate van kennis, insig en vaardigheid vereis.

In die skool neem dit egter 'n gewysigde betekenis aan en kry die term „handwerk” 'n meer definitiewe, beperkte terrein waarin dit sin het. Hier word dit beskou as 'n uitbreiding van die middele in die verlede gebruik vir die opvoeding van die kind. Dit wil die kind se ingebore drang tot aktiwiteit gebruik vir die ontwikkeling van sy liggaamlike sowel as geestelike vermoëns deur sistematiese oefeninge. Hierdie oefeninge het in die verlede en in verskillende lande verskeie vorms aangeneem en sulke aktiwiteite ingesluit soos houtwerk, metaalwerk, leerwerk, mandjiewerk, boekbindery, kleiwerk, kleremakery, papier en kartonwerk en nog baie ander.

Die voorwaarde dat die kind self besig moet wees en dat hy deur waarneming en eksperimentering sal bydra tot sy eie opvoeding is die wese en krag van hierdie stelsel waarby alle voorstanders daarvan staan of val of hulle noual voorstanders is van die benaming Slojd, Husflid, Travail Manual, Arbeitsunterricht, Handfertigkeitsunterricht, Handwork, Manual Training of Handwerk.)¹

)1 Götze: Hand and Eye Training, 11.

Sommige mag hierdie onderrig aan 'n onderwyser toevertrou en andere aan die vakman. Sommige kan oefeninge voorskryf vir die verkryging van vaardigheid en andere weer vir nuttigheidsdoeleindes, maar alle outoriteite is dit eens dat die kind homself moet besig hou op so 'n wyse dat sy intellektuele vermoëns ingespan word, sy sintuie gebruik word en sy geestelike sowel as liggaamlike vermoëns ontwikkel word. Dr. Götze besluit dan dat Handwerk niks anders is as die pedagogiese toepassing van die wet wat sê dat individuele ontwikkeling 'n herhaling van die ontwikkeling van die ras is nie.)¹

Na aanleiding van bogenoemde uitsprake kan ons dan van Handwerk praat as „Opvoedkundige Handwerk”. In Transvaal en ook elders in Suid-Afrika is aanvanklik die term „Slojd” gebruik. Die term kom oorspronklik van Finland en Swede en het via Holland en Engeland hier posgevat. Dit beteken eintlik „handig” en het aanvanklik 'n groot verskeidenheid aktiwiteite ingesluit waarmee getrag is om die kind handvaardigheid aan te leer. Later, en na baie eksperimentering met verskeie soorte materiaal het geblyk dat houtwerk die maklikste, goedkoopste en doeltreffendste is en het die betekenis van Slojd toe verander na houtwerk hoewel die term bly staan het en in die sin oorgewaaï het na baie lande. In Transvaal het Slojdonderrig dus beteken „houtwerkonherrig” met die daarbygaande vryhand en reglynige tekenwerk.

Na die Driejarige Oorlog (1899-1902) het die term Slojd verdwyn en word die term „handwerk” of die Engelse ekwivalent daarvan, naamlik „Manual Training” meer algemeen. In die tyd het die term reeds 'n beperkte betekenis gehad en is daarmee bedoel kartonwerk en houtwerk

)1 Götze : Hand and Eye Training,

met die bygaande tekenwerk as onderdeel daarvan.

Na 1908 verander die betekenis weer deur die byvoeging van 'n derde vak, naamlik metaalwerk. In die Transvaalse direkteursverslag (1912) word die term duidelik omskryf en word daar voorgeskryf dat Handwerk aan sts. II en III in die vorm van kartonwerk onderrig sou word, aan sts. IV, V en VI in die vorm van houtwerk en in sts. VII en VIII in die vorm van metaalwerk.

Na 1940, met die finale onttrekking van Handwerk aan die laerskole, het Kartonwerk ophou bestaan as 'n onderdeel van handwerk en is dit ingeskakel by Kunsvlyt, met die gevolg dat hout- en metaalwerk nou die enigste onderdele van Handwerk vorm met natuurlik die daarbybehorende vryhand- en meganiese tekenwerk. „Handwerk” of „Opvoedkundige Handwerk” is dus vandag uitsluitlik 'n hoërskoolvak met 'n beperkte betekenis wat eintlik net werk met die materiale hout en metaal impliseer.

2. Algemene Oorsig van die Geskiedenis van Handwerk.)¹

Die geskiedenis van handwerk is so oud soos die geskiedenis van die mensdom self. Alle handwerk kan beskou word as 'n produk van die kultuur van sy tyd wat nie volledig begryp kan word sonder 'n deeglike kennis van daardie kultuur nie.

Elke menslike wese wortel in 'n bepaalde kultuur. As die vraag wat kultuur eintlik is, beantwoord moet word, rys daar voor die gees die beeld op van 'n volk of groep volkere, in 'n bepaalde tydsbestek, met alles wat hulle geglo, gevoel, gedink, gewil en geskep het. Daar kan dus beweer word dat kultuur die samehang van gevoel, denke en skepping is by 'n volksgemeenskap in 'n bepaalde tydsbestek. Hierin lê dan opgesluit dat daar slegs werklike kultuur by 'n volk kan bestaan wanneer daardie gevoel, denke en

¹ Vgl. Bremer: Inleiding tot de Kunstgeschiedenis.

skepping 'n gemeenskaplike besit is en homself rig na 'n gemeenskaplike ideaal. Die werk van 'n kultuurperiode is dus dan die som van die produkte wat die beliggaming is van die gevoel en die denke. Sonder 'n gemeenskaplike geestelike ideaal kan daar geen skeppende werk wees wat vir die gemeenskap van enige waarde kan wees nie. In groot kultuurtydperke word vanselfsprekend die werk, wat opbloeit uit 'n gemeenskaplike gedagte-wêreld, deur almal begryp wat aan daardie kultuur deel het. Dit is die benadigde tydperke in die geskiedenis van die mensdom wanneer dit werklik die geval is, soos bv. die kulture van Egipte, Griekeland en van Wes-Europa gedurende die elfde tot veertiende eeue. Alle volkere het geensins ten alle tye hulle eie kultuur besit nie. Die kultuurgeskiedenis van volkere is so innig vervleg en saamgeweef, terwyl sommige volke as enkelinge slegs van tyd tot tyd bo andere uitgestyg het en dan weer gedaal het of vervang is deur andere.

Op hierdie stadium kan dan afgestap word van die begrip kultuur assosieë met die skeppingsaspek daarvan, met handwerk as besondere onderdeel, van nader betrag word.

Die geskiedenis van die oudste volkere of stamme kan slegs bestudeer word aan die hand van die oorblyfsels van hulle handwerk. Dit was aanvanklik utilisties van aard en alle werk en werktuie is met 'n enkele definitiewe doel gemaak en gebruik. Algaande het dit egter ook dekoratief begin word en die verskillende rigtings wat handwerk begin inslaan het, het steeds in omvang toegeneem.

Die doel van hierdie studie is egter alleen om handwerk na te gaan in soverre dit betrekking het op hout- en metaalwerk en die ondersoek dus by hierdie twee aspekte van handwerk beperk sal word.

(a) Handwerk in Prehistoriese tye:

Hout was die vernaamste en oudste materiaal wat die mens tot sy beskikking gehad het omdat dit maklik bekombaar was, terwyl metaal eers veel later bekend geword het vanweë die groter vereistes wat aan die menslike vernuf gestel is ter verkryging daarvan.

Aan die hand van voorbeelde in argeologiese museums en elders blyk dit dat handvaardigheid by die ou prehistoriese stamme in hulle ontwikkelingsgang reeds 'n hoë standaard moes bereik het. Vooruitgang in bewerking en dekorasie het gelyktydig plaasgevind.

Die Paleolitiese of vroeë Steentydperk dateer ongeveer 7000 jaar terug, gevolg deur die Koper-, Brons- en Ystertydperke, so genoem na die materiaal wat gebruik is. Alhoewel vooruitgang in konstruktiewe- en dekoratiewe werk nie gelyktydig in alle lande plaasgevind het nie, is alle outoriteite dit tog eens dat die gebruik van klip die gebruik van metaal voorafgegaan het in alle lande van die wêreld, insluitende alle dele van Europa, Egipte, die Ooste en Amerika en dat die groei van prehistoriese werk definitiewe nasionale karakteristieke kenmerke openbaar. Kunstige voorbeelde van werk in klip en been of ivoor, wat tot hierdie tydperk behoort, is gevind. Hiervolgens was klip en ivoor blykbaar die vernaamste materiaal wat in die tyd verwerk is, maar daar moet onthou word dat hout 'n baie meer verganklike materiaal is, en daar kan dus met redelike sekerheid aangeneem word dat dit by uitstek die materiaal moes gewees het vir gebruiksvoorwerpe, veral in streke waar hout volop en maklik bekombaar was.

Uit die Neolitiese- of latere Steentydperk vind ons meer voorbeelde van houtwerk wat behoue gebly het.

Sulke voorbeelde toon dat hout algemeen gebruik is as handvatsels vir klipmesse en byle.

Die Koper- en Bronstydperke beklemtoon die invoer van 'n nuwe materiaal, en 'n toenemende graad in vaardigheid as gevolg van 'n meer simpatieke medium, met minder beperkings as die voorafgaande soorte. Wanneer en hoe koper ontdek is, kan slegs gegis word, maar dit het blykbaar bekend geword as 'n smeebare klip wat met behulp van ander klippe na die gewenste vorm geslaan kon word sonder dat die koper werklik uit die erts gesmelt is en as sodanig verwerk is.

(b) Handwerk in Historiese tye.

Die eerste vertroubare historiese verslae wat behoue gebly het, is die van oud-Egipte, wat as gevolg van die begrafnisgewoontes van die land, aan die nageslagte oorgedra is. Sierlike voorbeelde van hout- sowel as metaalwerk is in die graftombes gevind. Talle voorbeelde van Egiptiese houtwerk wat 4000 jaar en ouer is, word vandag in verskillende museums van die wêreld bewaar. Die tegniek sowel as sin vir vorm en verhouding was van 'n merkwaardig hoë gehalte en is te meer bewonderenswaardig as in gedagte gehou word dat die werktuie baie primitief was. Mummie kiste, armstoele, kiste, beddens, gereedskaphandvatsels, ens., is van hout vervaardig en versier deur inlêwerk met ivoor of metaal, of dit is ook ryklik versier deur kerf- en houtsneewerk.

Behalwe die bewyse uit Egipte, bestaan daar ook nog talryke verslae uit die geskiedenis van ander ou volkere. In die Ou Testament word dikwels melding gemaak van vakmanne wat een of ander stuk handwerk voltooi het. Voorbeelde hiervan is veral die beskrywing van die oprigting van die troon van koning Salomo.

Beskrywings soos die bou van die ark en die vervaardiging van gebruiksvoorwerpe en voorwerpe by die geloofsuitingegebruik, toon dat die ou Israëliete 'n hoë vaardigheidspeil moes bereik het. Ook in die ou Griekse literatuur is daar bewyse te vind vir die belangrike plek wat handwerk in daardie tyd ingeneem het. Homeros refereer in sy „Iliad" en „Odysseus" dikwels na handwerk as 'n edele vak en kuns.

In die Ooste, en veral in Indië, was handwerk reeds sedert die vroegste tye gekoppel aan die tradisie. Fyn houtsneewerk, inlêwerk en ander versiering toegepas op hout en metaal is reeds sedert die oudste tye op groot skaal beoefen.

Gedurende die voor- Christelike era het handwerk dus alreeds oral 'n merkwaardig hoë standaard bereik. Na die groot volksverhuisings en die bestendiging van die Christendom in Wes-Europa, breek die Middeleeue aan en tree daar 'n periode van feitlike stagnasie in op hierdie gebied. Weinig nuuts is tot die reeds bekende toegevoeg. Tegnieke het miskien hier en daar ietwat verbeter en veral in die kloosters is 'n redelike standaard van handvaardigheid gehandhaaf wat later sou dien as inleiding tot die bloeitydperk van die Renaissance.

Met die Renaissance het daar 'n algemene herlewing gekom in Europa op alle gebiede van handwerk. In hierdie tyd het handwerk in die ware sin van die woord sy hoogtepunt bereik en die grootste meesters opgelewer. Hier kan veral verwys word na die talryke bouwerke uit die tyd waarin al die vertakkings van handwerk 'n hoogtepunt bereik het en waarin die name van die groot meesters verewig is.

Die Industriële Omwenteling het 'n einde gebring aan hierdie glorietydperk van die handwerk. Die mens het ander lewenswaardes begin aanhang met 'n gevolglige afname in diemerkwadig hoë gehalte van die handwerk. Die masjien het die vakmeester verdring uit sy ereposisie en hom tot 'n minderwaardige rol gedwing wat verreikende gevolge sou hê.

B. ALGEMENE OORSIG VAN DIE GESKIEDENIS VAN HANDWERKONDERWYS.

Uit 'n studie van die geskiedenis van onderwys blyk dit dat Handwerk nie 'n moderne instelling in die skoolleerplan is nie, maar het alreeds vir eeue in 'n mindere of meerdere mate deel uitgemaak van die opvoeding van kinders. Soms het dit 'n redelike aansien geniet en dan 'n prominente plek gevul in die skoolprogram. Soms is dit weer geminag of verwaarloos na gelang van publieke opinie. Alle voor- aanstaande opvoedkundiges vir die afgelope twee of drie eeue het dit egter altyd voorgestaan. Handwerk wortel in die geskiedenis en toon 'n definitiewe, geleidelike vooruitgang deur die jare.

In Griekeland het daar die ideale onderwysstelsel bestaan wat klem gelê het op die harmoniese ontwikkeling van die verstandelike, morele en fisiese; maar sedert daardie tyd is daar nie volgehou met die stelsel nie. Soms, soos gedurende die bestaan van die Romeinse Republiek, is die grootste aandag gewy aan fisiese ontwikkeling in ooreenstemming met die drang na geweldadige uitbreiding van grondgebied. Gedurende die Ryk met die Romein, onder invloed van Griekse gewoontes, weer meer aandag aan verstandelike ontwikkeling bestee, wat in die kloosterwese van die Middeleeue sy hoogtepunt bereik het, terwyl later onder die feodale stelsel weer die swaarste klem laat val is op fisiese ontwikkeling.

Met die Renaissance vind daar weer 'n herlewing plaas op die gebied van die kennis wat 'n geweldige stoot vooruit gekry het deur die uitvinding van die drukpers. 'n Deeglike kennis van die klassieke is beskou as die sine qua non van elke deeglike student, en as gevolg hiervan het daar 'n valse begrip ontstaan oor die betekenis en doel van die opvoeding wat vir baie eeue sou voortbestaan.

In die vorige eeu het daar egter weer 'n reaksie begin intree teen die beskouing dat werk en die werksman 'n mindere status in die samelewing beklee; 'n beskouing wat ook deur die skole gehuldig en gepropageer was, en vandag geleidelik aan die afneem is.

Die beoefening van verskillende vorms van handwerk in die skole is soos reeds gesê nie 'n nuwe idee nie want daar het in die verlede reeds dikwels inrigtings bestaan waarin praktiese werk onderrig is hoewel dit meer om die ekonomiese en praktiese waarde as om die opvoedkundige waarde gedoen is.

As bewys vir bogenoemde bewering kan die uitsprake van bekende outoriteite aangehaal word)¹ en 'n kort oorsig gegee word oor die werk gedoen in hierdie verband.

(a) Martin Luther (1483-1546), wat na die skool omgesien het as sy magtigste bondgenoot in die Hervormingstryd, het in sy omsendbrief aan alle raadslede en burgemeesters in 1524 klem gelê daarop dat kinders praktiese werk in die skole moet doen. Hy sê dat dit nie sy voorneme is om skole, soos die bestaande, te stig waar 'n kind tot twintig jaar lank van Donatus en Alexander leer en tog niks leer nie. Hy meen dat 'n uur of twee daaglik bestee aan hierdie soort onderwys voldoende is en dat die kind dan moet huis toe gaan en een of ander handvaardigheid aanleer.

- (b) Michel de Montaigne (1532-1592), die skeptiese filosoof en voorganger van Rousseau en Locke skryf dat dit nie die siel of die liggaam is wat opgevoed moet word nie, maar die hele mens. Die twee mag nie geskei word nie maar soos Plato dit gestel het moet dit saam aangespoor word soos twee karperde.
- (c) Johann Amos Comenius (1592-1671), die voorganger en vader van die moderne opvoedkunde skryf dikwels in sy traktaatjies oor die opvoedkundige waarde van hande-
arbeid. In sy *Didactica Magna* refereer hy na die onder-
rig en oefeninge wat daar in die primêre skool behoort
te wees en stel onderrig in die vernaamste vorms van
handwerk eerste in sy lys.
- (d) John Locke (1632-1704), die veelsydige skrywer en den-
ker wat ook getrag het om die geheim van die opvoeding
te ondersoek, het in sy bekende boek „*Some Thoughts
concerning Education*” ondubbelsinnig bevestig dat hand-
werk 'n plek in die skool moet hê en protes aangeteken
teen die destydse onderwysrigtings „....all tending
towards a gentleman's calling, with which a trade seems
wholly inconsistent.” Verder meen hy dat die aangebore
neiging tot aktiwiteit by die kind dit absoluut nood-
saaklik maak dat hy gerigte handwerk sal doen.
- (e) Jean Jacques Rousseau (1712-1778), die pionier in ver-
skillende afdelings en wie se „*Emile ou de l'éducation*”
'n studie deur elke onderwyser regverdig, sien in lig-
gaamlike oefeninge 'n middel tot opvoeding wat met min
ander kan vergelyk. Hy meen die kind moet 'n ambag
leer, nie soseer terwille van die ambag nie maar om die
bestaande vooroordele daarteen te oorkom. Die ambag
wat hy verkies, is houtwerk omdat dit skoon en nuttig
is en by die huis beoefen kan word. Dit verskaf genoeg

oefening vir die liggaam, dit vereis 'n mate van vlytigheid en vaardigheid en hoewel die vorm van die werk bepaal word deur die nuttigheid daarvan word smaak en gevoel tog nie uit die oog verloor nie.

Gedurende die Franse revolusie was die belangstelling in die rigting van Rousseau baie groot en Robespierre het selfs in die Konvensie geagiteer vir die invoer van meer handwerk in die skole.

- (f) Johann Bernhard Basedow (1723 - 1790), stigter van die sogenaamde filantropiese rigting in die opvoedkunde was die eerste om die gesonder beginsels van Rousseau toe te pas in Duitsland. In sy opvoedkundige inrigting in Dessau het hy handwerk tot die vernaamste onderdeel van sy stelsel verhef. In sy „Methodenbuch“ wy hy dan ook dikwels uit oor die belangrikheid van handwerkonderrig en meen dat kinders ten minste ses ure per dag aan handwerk moet bestee in geval hulle later hulle bestaan daaruit moet verdien terwyl die ander twee uur per dag daaraan moet bestee. Hy meen ook dat kinders op betreklik vroeë leeftyd al moet begin leer om met gereedskap te werk.
- (g) Christian Gotthilf Salzmann (1744-1811), 'n dissipel van Basedow, was 'n opvoeder in die ware sin van die woord en sy inrigting te Schnepfenthal is ook beskou as die merkwaardigste van die tyd. Hier is die kinders onderrig in verskillende afdelings van handwerk deur spesiaal opgeleide onderwysers. Lokale is uitgerus vir die spesifieke doel om handwerk te beoefen want hy het geglo dat gesonde liggaamlike arbeid die siel sowel as die liggaam opvoed. In sy menigvuldige werke oor die opvoeding stel hy dit dikwels as sy oortuiging dat handwerk onontbeerlik is vir ware opvoeding, dat dit vrylik en so

dikwels moontlik beoefen moet word en dat so veel verskillende gereedskapstukke moontlik gehanteer moet word.

- (h) Johann Heinrich Pestalozzi (1746-1827), die man op wie se beginsels ons onderwysstelsel vandag hoofsaaklik gebaseer is, het handwerk nie as 'n vreemde element in die onderwys beskou nie, maar sy leerlinge daarin onder- rig, veral te Stantz en Burgdorf. Dit het daagliks in die praktyk vir hom duideliker geword dat arbeidsaam- heid -- die fisiese aktiwiteit van die ras -- die ware, heilige en ewige metode is om alle vermoëns saam te bind tot een oppermagtige vermoë nl. die van die volmaakte mens.
- (i) Friedrich Fröbel (1792-1852), stigter van die Kinder- gartensisteem het die idee, dat handwerk as 'n gewone middel tot die opvoeding gebruik moet word, geweldig be- vorder. Dit is trouens die gees waarin al sy werke ge- skryf is. -- „Die mens verstaan alleen deeglik dit wat hy in staat is om te doen.”
- (j) Johann Friedrich Herbart (1776-1841), die bekende Duitse filosoof wie se onderwyssisteem baie volgelinge het, sien handwerk as 'n opvoedkundige middel. In sy „Umriss Padagogischer Vorlesungen” sê hy dat elke seun moet leer om gereedskap te hanteer en dat meganiese vaardig- heid baie waardevol is. Alle skole moet werkslokale be- sit dog die onderwys moet nie tegnies wees nie. Elke man moet leer om sy hande te gebruik.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat handwerk nie 'n nuwe of vreemde element in die onderwys is nie, maar hand aan hand daarmee gegaan het. Daarom sal dit hier ook no- dig wees om 'n kort algemene oorsig te gee oor die bestendiging en ontwikkeling van Opvoedkundige Handwerk as erkende vak in die algemene onderwyssisteem.

- (a) Finland:¹ Aan Finland kom die eer toe as die eerste land om 'n stelsel van opvoedkundige Slojd te ontwikkel. Uno Cygnaeus (1810-1888), die vader van die primêre skool in Finland, was die eerste om 'n daadwerklike begin daarmee te maak in Finland.

Drie jaar na 'n uitgebreide studiereis in Swede, Holland, Duitsland, Oostenryk, Switserland en Finland publiseer Cygnaeus as direkteur van onderwys in 1861 sy nuwe voorstelle vir die primêre skool in Finland. In 1863 is daar 'n begin gemaak met Slojdklasse aan die Normaal-skool te Iyväskylä, in die hart van Finland en in 1866 is Slojdonderrig verpligtend in die laerskole gemaak. Verpligting het slegs gegeld vir skole in die platteland terwyl dorpskole 'n vry keuse behou het. Die primêre skole was vry vir almal. Later is 500,000 mark) deur die Imperiale senaat opsy gesit vir die stigting van 'n Normaalskool met die uitsluitlike doel om onderwysers op te lei in die Slojdsisteen en metode.

- (b) Swede:² In 1870 was Slojd in hierdie land nog nie erken as 'n middel tot opvoeding nie, maar slegs as 'n middel om gereedskap te leer gebruik en om nuttige artikels te maak.

In 1872 is skole gestig met die uitsluitlike doel om Slojdonderrig te verskaf maar teen 1876 was dit duidelik dat hierdie skole nie aan die verwagtings voldoen het nie, en derhalwe is Slojd by die gewone laerskole ingevoer.

In 1877 het die regering besluit om Slojd 'n opsionele vak te maak in die laerskole en 'n toewysing van 75

)1 Salomon: The Theory of Educational Sloyd,
)2 Ibid.,

142.
144.

kroner is betaal aan skole wat dit gou onderrig. Later is die toewysing verander na 75 kroner per Slojddklas in die skool.

Onder die skole in 1872 gestig, was ook die van Otto Salomom te Naäs. Hier is die eintlike grondslag gelê vir Opvoedkundige Handwerk in Swede. Aanvanklik was dit bedoel om net onderrig aan plaaslike kinders te verskaf, maar later is die arbeidsveld aansienlik uitgebrei. Verskeie vertakings van Slojd is beoefen soos skrynwerk, houtsnee, draaiwerk, smidswerk, leerwerk, steen of klipwerk, mandjiewerk en skilder. Hierdie skool was slegs bedoel vir na-primêre leerlinge. Ander meer teoretiese vakke soos Tekenwerk, Meganika, Wiskunde en Fisika is ook hier onderrig en moes by die praktiese aansluit.

Dit het egter gou duidelik geword dat as Slojd sy regmatige plek wil inneem dit nie as buitengewone vak onderrig moes word nie, maar as 'n gewone vak van die skoolleerplan. Gevolglik is ook 'n primêre skool geopen waar gewone onderrig verskaf is tesame met Slojdonderrig wat daaglik drie uur in beslag geneem het. Die belangstelling het onmiddellik geweldig toegeneem en dit het noodsaaklik geword om spesiaal opgeleide Slojdonderwysers aan te stel, maar dié was feitlik onbekombaar.

Derhalwe is in 1874 'n spesiale klas gestig vir die opleiding van Slojdonderwysers. Die kurses sou eenjarig wees en onderwysers kon dan spesialiseer in Slojd. As teoretiese vakke is by hierdie kurses ingesluit Wiskunde, Fisika, die moedertaal, Opvoedkunde en Metodiek. As praktiese vakke sou geneem word Meetkundige Tekenwerk en Slojd. Hierdie opleiding van spesiale onderwysers is

voortgesit tot in 1882.

Nog voor 1882 het dit egter al duidelik geword dat 'n verandering onvermydelik was. Daar het 'n algemene begeerte ontstaan om Slojd oral in die laerskole in te voer en die ervaring het geleer dat dit beter sou wees as die gewone onderwysers hierdie onderrig sou waarneem. Om hierdie rede is daar dan ook in 1878 'n begin gemaak met vakansiekursusse vir laerskoolonderwysers om sodoende die nodige kennis en vaardigheid te bekom.

Die dorp Naäs was vir baie jare 'n opvoedkundige mekka, nie alleen vir Sweedse studente nie maar ook vir onderwysers uit alle lande. Hier is studente besiel met die nuwe idees van Pestalozzi en Fröbel en het onderrig in 'n praktiese sisteem ontvang wat 'n konkrete verteenwoordiging verskaf het vir die onderliggende beginsels van die nuwe opvoedkundige metodes.

Salomon, finansieël gesteun deur sy oom, August Abrahamson, was nie alleen in 'n groot mate sukselvol met sy opleiding van onderwysers in 'n definitiewe sisteem van opvoedkundige handwerk nie, maar het hulle ook geïnspireer tot groter doeltreffendheid en opvoedkundige vooruitstrewendheid. Deur hierdie studente is Salomon se idees die wêreld ingedra. Afgesien van die 1235 Sweedse studente wat Salomon se inrigting te Naäs besoek het, was daar ook 357 studente uit 25 verskillende lande wat in die jaar 1875 - 1891 hier gestudeer het. Sodoende het daar dan, veral in lande soos Duitsland, Engeland, Frankryk, Holland, Denemarke en Noorweë, handwerksisteme ontstaan wat aangepas is by plaaslike omstandighede, maar tog gebaseer is op die beginsels vasgelê te Naäs.

Die Slojdinstituut te Naäs het in 1872 met sy werksaamhede begin en sy groot sukses in die verspreiding van die opvoedkundige beginsels waarvan handwerk die voorbeeld is, is veral toe te skryf aan die persoonlikheid van Salomon, 'n groot pedagoog wat in 1908 oorlede is. Die vrug van sy arbeid sal 'n voortdurende huldeblyk wees vir sy ywer en bekwaamheid in die strewe om die opvoedkundige krag wat opgesluit lê in reggestuurde liggaamlike arbeid, as 'n middel tot ontwikkeling van die kind se fisiese en geestelike bekwaamhede te gebruik.)¹

(c) Noorwee:² In 1879 is Slojd ook in Noorweë ingevoer waar dit onder die „Nuwe Kode" verpligtend gemaak is in alle laerskole in die stede en dorpe en onder sekere voorwaardes ook in sommige plattelandse skole. Vir die opleiding van onderwysers in hierdie vertakking van die onderwys is kort kursusse ingestel aan die Normaalskole van Fredrikshald aan die Sweedse grens en aan dié van Trömso in 1875. Hierdie onderwysers sou die vak dan in die laerskole doseer. Toe die vak later ook in die hoërskole ingevoer is, moes onderwysers spesialiseer deur 'n eenjarige voltydse kursus te volg waarvoor hulle 'n sertifikaat ontvang het.

(d) Denemarke:³ Ook hier het Slojd gelyktydig met die in Noorweë posgevat en is 'n skool in Kopenhagen opgerig met die doel om die vak te propageer, en om onderrig te gee aan beide laer- en hoërskoolleerlinge.

(e) Duitsland:⁴ In verskillende dele van die land is reeds in die verlede pogings aangewend om onderrig te verskaf in handwerk met die doel op die beoefening van 'n beroep.

1 Berry: Educational Handicraft,	81.
2 Salomon: The Theory of Educational Sloyd,	148.
3 Ibid,	149.
4 Idem.	

In 1878 is egter 'n skool in Berlyn opgerig met die doel om onderwysers en leerlinge op te lei in Opvoedkundige Handwerk. Daarna het dit ook vinnig versprei na Hannover, Bremen, Sakse, Posen en ander provinsies. By Leipzig het Dr. Götze sy later so bekende skool opgerig om onderwysers op te lei in Slojd. Ander skole het gevolg en praktiese onderrig, met 'n opvoedkundige strekking, het algemeen geword.

- (f) Frankryk:¹ Rousseau met sy „Emile" was die eerste persoon om die aandag te vestig op die belangrikheid van handearbeid.

Die leiers van die Revolusie het dit dan ook in hulle Konstitusie van die jaar III verpligtend gemaak dat alle burgers een of ander handewerk moes leer. In 1832 reeds is handwerk hier al in industriële skole onderrig.

In 1882 is wetgewing aangeneem waardeur handwerk 'n gewone vak in die leerplan van die laerskool geword het.) Dit was 'n gegradeerde kursus volgens voorskrifte van Froebel en het begin by kartonwerk, deur mandjiewerk en kleiwerk tot by hout- en metaalwerk.

- (g) Engeland:² In die tagtigerjare van die vorige eeu het handwerk as opvoedkundige medium ook sterk posgevat in Engeland nadat dit lank reeds in die industrieskole beoefen is. In London, Liverpool, Manchester, Bradford, Leeds, Harrowgate, Sheffield, Oxford, Cambridge en nog baie ander stede is die vak ingevoer in die leerplan van die gewone skole.
- (h) Handwerk is begin aan die skole van Holland in 1876, België in 1881, Switserland in 1882, Oostenryk in 1883, Rusland in 1884 terwyl dit ook ingevoer is in Japan en in Noord- en Suid-Amerika.)³

¹ Salomon: The Theory of Educational Slojd, 149.
² Ibid., 150.
³ Ibid., 149.

C. ALGEMENE OORSIG VAN DIE GESKIEDENIS VAN HANDWERKONDERWYS
IN SUID-AFRIKA.

Tot in die laaste helfte van die vorige eeu was die bevolking hoofsaaklik landelik, met landbou en veeteelt as die vernaamste bedrywe. Hulle behoeftes was eenvoudig en kon maklik deur die uitgestrekte ruimtes van 'n groot land bevredig word. Hierdie toedrag van sake het hom ook weerspieël in die onderwys. Die georganiseerde onderwys het hom hoofsaaklik en feitlik uitsluitlik beperk tot die onderrig in lees, skryf en reken, en met die besondere godsdienssin van die volk was die hoofdoel van die onderrig die katekisasie en die aflegging van belydenis van die geloof. Van die onderrig in praktiese vakke was daar weinig of geen sprake nie. Die boubedryf, wamakery, grofsmedery en ander geskoolde ambagte het in hulle eie behoeftes voorsien deur middel van die leerjongstelsel waarvoor slegs die minimum onderwyskwalifikasies soos lees en skryf vereis is.

Die eerste spore van georganiseerde opleiding in die praktiese vakke word gevind in Kaapland, gerugsteun deur kerkgenootskappe en liefdadigheidsinrigtings. Op die dorpe en ook in die plattelandse distrikte het die Engelse Sendinggenootskappe in hulle skole ook beroepsopleiding aan gekleurde kinders verskaf. Kinders van behoeftige ouers van Europese afkoms het egter dikwels ook hierdie skole besoek, maar soos te begrype het hierdie toestand die blanke kinders nadelig beïnvloed, en om hulle weg te hou van die Sending-skole het die Hollandse kerk veral moeite gedoen om in 1893 Industrieskole of die sg. armskole te stig waar kinders onderrig sou ontvang in praktiese vakke. Waar die kleurling-kind dus reeds sedert 1865 sporadies onderrig in die praktiese vakke ontvang het, het die blanke kinders dit eers sedert 1893 ontvang.

Die Kaaplandse onderwysstelsel was egter sterk onder die invloed van ontwikkeling wat in Engeland plaasgevind het. In 1891 het daar twee vername gebeurtenisse plaasgevind wat Opvoedkundige Handwerk op 'n hegte grondslag sou plaas.)¹ Die eerste was die aanstelling van sir Thomas Muir as Superintendent-Generaal van Onderwys na sir Langham Dale, en die tweede was die verslag van die onderwyskommissie van 1891. Die belangrikheid van die eerste gebeurtenis kan beoordeel word aan die hand van die volgende paragraaf uit die verslag van Muir in 1892.)²

"Exceedingly little is said by the inspectors on this subject (manual training). The matter is of so great and pressing importance that I propose to have it dealt with in a special report; the new inspector Mr. Milne, being particularly capable of conducting the necessary inquiry. In two of the first class public schools which I visited, viz., at Kind William's Town and Blaauwvallei near Wellington, a good beginning has been made in carpentry."

Die tweede gebeurtenis was van so 'n aard dat dit die „Magna Carta" van Opvoedkundige Handwerk in Kaaplandse skole genoem kan word. Die kommissie het dit as sy mening uitgespreek dat Handwerk in die laerskole die mees effektiewe middel sal wees om die latente vermoëns van die seun, wat in staat is tot verdere tegniese opleiding, te ontwikkel. Daar moet fasiliteite geskep word vir die seun om met gereedskap en materiaal te werk sodat hy bewus sal word van die moontlikhede wat in sy hande opgesluit lê. Daarom, sê die kommissie, behoort skoolhoofde dit as hulle plig te beskou om Handwerk ingesluit te kry in die leerplanne van hulle skole en dat alle seuns van twaalf of 13 jaar aangemoedig

)1 Uys: Historical Survey of the Development of Handicraft Teaching in South African Schools, 15.
)2 Idem.

behoort te word om die vak te neem. Tot tyd en wyl 'n gekwalifiseerde onderwyser beskikbaar word, kan die onderrig van die vak in die hande gelaat word van betroubare vakmense van goeie karakter.)¹

Uit die getuienis aangehoor deur die kommissie het sekere feite duidelik geword en het dit later uitgekristalliseer tot 'n definitiewe sisteem vir handwerkonderrig in Kaapland. Daar het aanvanklik baie verwarring bestaan oor hierdie nuwe vak, veral omdat daar nie duidelikheid bestaan het oor die doel daarvan nie. Die voorbereiding vir industrie, wat die hoofdoel van die vak in die skole in Engeland was, het ook hier gegeld en die algemene beskouing was dat Handwerk in die laerskool die weg moes baan vir tegniese opleiding waarvoor daar alreeds 'n behoefte bestaan het by die spoorweë en die myne wat reeds tekens van snelle ontwikkeling getoon het. Niemand het blykbaar nog die werklike waarde van Opvoedkundige Handwerk ingesien nie, maar daar moet ook onthou word dat die kommissie 'n ondersoek ingestel het na tegniese onderwys en nie na Opvoedkundige Handwerk nie.

Wat egter van belang is, is dat die noodsaaklikheid vir handwerkonderrig nou terdeë besef is en prominent onder die aandag van die owerhede gebring is.

As gevolg van die onderwyskommissie se verslag in 1891 is daar dan in die laaste jare van die 19de eeu die fondamentstene gelê vir die huidige handwerkstelsel. In 1893)² is Handwerk ingesluit in die leerplan van die laerskole, skemas is opgestel, 'n inspekteur van Handwerk is aangestel en 'n begin is gemaak met die opleiding van handwerkonderwysers. Op hierdie stadium het Handwerk eintlik net "houtwerk" beteken en moes die laerskoolkind 'n driejarige kursus hierin volg soos neergelê in 1895 vir alle skole met

)1 Uys: Historical Survey of the Development of Handicraft Teaching in South African Schools, 9.

)2 Ibid, 11.

die nodige fasiliteite.)¹ Die statistieke vir 1895 toon dan ook dat daar in die jaar vier-en-dertig skole was wat aan 1063 leerlinge onderrig in Handwerk verskaf het.)²

As gevolg van 'n versigtige beleid en toegewyde ywer van handwerkinspekteur Young het Handwerk vinnig vooruitgang gemaak in die Kaaplandse skole hoewel die vak nog steeds beskou is as 'n voorloper vir tegniese onderwys, n beskouing wat eers lank na 1900 sou verdwyn en plek sou maak vir die moderne beskouing.

Handwerkonderrig en tegniese onderwys is ook reeds op 'n vroeë datum in Natal ingevoer. 'n Kommissie is in 1885 en weer in 1887 saamgestel om ondersoek in te stel na die moontlikheid van praktiese onderwys in hierdie kolonie.)³ Hierdie kommissie het aanbeveel dat: "work with tools in wood and iron should rank amongst the specific subjects of the code."⁴ In 1890-1891 het die Kommissie weer die moontlikhede bestudeer om tegniese onderwys in die skole in te voer.)⁵ Met tegniese onderwys in die skole is hier bedoel alle vakke wat buite die veld van die gewone klassikale onderwys van lees, skryf en reken geval het. In 1895 kondig die Regering van die kolonie aan dat stappegedoen word - "to put education more on par with that recently introduced into the best English elementary schools")⁶ Terselfdertyd is dit egter ook duidelik gestel dat die doel nie sal wees om ambagsonderrig te verskaf nie maar- "to educate by training the mind, eye and the hand to work with intelligent harmonious dexterity").⁷

Teen 1898 was handwerk reeds stewig gevestig as 'n deel van die Natalse onderwyssisteem en sedert die tyd het handwerkonderrig en tegniese onderwys snelle vordering gemaak in beide laer en hoërskole.

¹ Uys: Historical Survey of the Development of Handicraft Teaching in South African Schools,

² Idem. ⁵ Idem.
³ Ibid, 47 ⁶ Idem.
⁴ Idem. ⁷ Idem.

In die Vrystaat was daar voor 1900 geen georganiseerde handwerkonderrig in die skole nie en dit het betreklik laat eers 'n verskyning in die leerplanne aldaar gemaak.

In Transvaal is dit wel voor 1900 ingevoer, nl. deur dr. N. Mansfeldt, die Superintendent van Onderwys in die Zuid-Afrikaanse Republiek, in 1896. Hier het dit bekend gestaan as Slojd en is afkomstig van Nederland in teenstelling met die twee Engelse kolonies wat die Engelse patroon gevolg het.

Uit die voorgaande blyk dus dat Handwerk reeds in die laaste jare voor 1900 'n vastrapplek gevind het in die onderwysstelsels in Suid-Afrika. Dat daar nog verwarring geheers het en verskillende beskouinge oor die doel met die vak bestaan het, is te begrype as in aanmerking geneem word dat dit nog 'n betreklik nuwe vak in die skoolwese was en nouliks dertig jaar vantevore eers in Europa, na wie die Suid-Afrikaanse skoolwese opgesien het, sy verskyning gemaak het.

Na die Driejarige Oorlog sou handwerkonderrig in die vier provinsies meer in ooreenstemming met mekaar gebring word deurdat die Engelse "Manual Training" sisteem deurgaans gevolg sou word.

D. DIE ONTWIKKELING VAN OPVOEDKUNDIGE HANDWERK IN TRANSVAAL.

1. Ontwikkeling vóór die Driejarige Oorlog 1899-1902.

Al gou nadat die Slojdstelsel van Salomon in Europa posgevat het, het dit ook na Suid-Afrika, en veral Transvaal oorgewaa. Dr. Mansfeldt, onderwyshoof in die Zuid-Afrikaanse Republiek, het die waarde van hierdie rigting in die onderwys ingesien en dit ook in Transvaal begin toepas.

Met sekerheid kan gesê word dat daar voor 1893 geen aandag aan hierdie rigting vir seuns bestee is nie. Handwerkonderrig aan meisies, in die vorm van naaldwerk, is wel verskaf met die doel om hulle beter voor te berei vir hulle toekomstige pligte as huisvroue.

In 1893 maak die eerste voorloper van handwerkonderrig egter sy verskyning.)¹ In dié jaar word die heer J. Hollenbach

aangestel om tekenonderwys aan seuns te verskaf. Hierdie onderwys sou die onderrig in reglynige of meganiese tekenwerk behels, m.a.w. dinge wat gemaak kon word sou na die regte afmeting of skale geteken word.

In 1895 bring die Raad van Kuratore van Gimnasiumskool 'n verandering in die tekenonderwys aan.)¹ Die seuns sou voortaan vir 2 1/2 jaar lank 'n kursus in tekenwerk volg. Die heer Anton van Wouw, bekende beeldhouer en skilder, is aangestel om vryhandtekene te doseer, terwyl die heer J. Hollenbach sou voortgaan met meganiese tekenonderrig aan die hoër klasse.

Aan die begin van 1896)² is daar vir die eerste keer in Transvaal 'n kursus in Slojd ingestel. Aan die einde van die vorige jaar het Van Wouw sy betrekking neergelê met die doel om na Europa te gaan vir die gietwerk van die Kruger-beelde. In sy pos is toe aangestel die heer J. Hondius wat, behalwe tekenonderrig ook onderrig sou gee in Slojd aan die Staatsmodelskool.

Sodoende het Handwerk dan posgevat in die twee vernaamste skole van die Republiek in Pretoria, maar dit sou as gevolg van die tussenkoms van die oorlog nie verder uitbrei tot na 1902 nie. Die vak het hom egter in die vooroorlogse jare sodanig gevestig in Transvaal dat dit daarna, onder die nuwe bewindhebbers snelle vordering sou maak, en na al die groter dorpskole sou uitbrei.

2. Vordering gedurende die jare net na die Oorlog, 1902 tot 1908.

Onmiddellik na die oorlog was onderwyssake, soos te verstaan, baie deurmekaar en moes die veroweraar alles herorganiseer. Die eerste Direkteur van Onderwys, die heer E. Sargent, het dus sy hande vol gehad om weer koers te bring

1) Verslagen van den Z.A.R. Departement van Onderwys 1895, 71.
2) " " " " " " " " 1896, 49.

in die onderwysorganisasie en om die skole so gou moontlik weer aan die gang te kry.

In die tweede jaar van die Engelse bewindaanvaarding blyk dit egter dat Handwerk alweer sy verskyning in die skoolrooster gemaak het. Waarnemende direkteur Fabian Ware maak in sy eerste verslag in 1902 vir die Transvaal en Oranjerivierkolonie melding van handwerkklasse in Pretoria. 'n Lokaal is spesiaal toegerus vir die doel in die Gimnasium-skool. Al die seuns van die dorp sou dan eenkeer per week hierheen gestuur word waar hulle onderrig in Handwerk sou ontvang.)¹ Vermoedelik was dit dieselfde lokaal wat die heer Hondius voor die oorlog vir sy Slojdonderrig gebruik het.

Vanaf die begin van 1903 sou alle skole in Pretoria voorsiening maak vir kartonwerkonderrig aan seuns in sts. II tot IV.)² Daarna sou hulle vir nog twee jaar, d.w.s. 'in sts. V en VI, handwerkonderrig ontvang by die houtwerksentrum aan die Gimnasium waarheen almal moes gaan. In die jaar maak inspekteur Corbett)³ ook melding van die feit dat daar baie onderwysers was wat geïnteresseerd was in Handwerk, dat sommige ook daarin gekwalifiseerd was en dat hulle hierdie vak graag meer algemeen toegepas sou wou sien. Die gekwalifiseerde onderwysers waarvan die inspekteur hier melding maak was hoofsaaklik ingevoerde Engelse onderwysers.

Die koste verbonde aan die algemene invoer van so 'n vak was vir die tyd egter te groot en die owerhede moes die versoek weier. Die statistiek in die jaarverslag van die onderwysdepartement vir 1903 maak tog melding van 27 skole waar daar gesamentlik aan 699 kinders onderrig in Handwerk gegee is.)⁴ Hier kan egter aanvaar word dat die handwerk

)1 Transvaal Administration Reports 1902,	C4.
)2 Transvaal Education Department, Report 1903,	29.
)3 Ibid,	34.
)4 Ibid,	26.

waarvan hier melding gemaak word kantonwerk en miskien ligte houtwerk moes gewees het aangesien die Gimnasium tot op datum die enigste skool met 'n houtwerksentrum was.

In die volgende jaar, d.w.s. 1904, het Handwerk as vak snelle vordering gemaak. In die inspeksieverslag van die heer E. Garnett van Potchefstroom)¹ word melding gemaak van 'n handwerksentrum aldaar opgerig, waar houtwerkinstruksie gegee sou word. Die heer Lowden, vroeër van Irene, sou die vak hier organiseer en doseer. In 'n sentraal geleë plek in die dorp is 'n groot tydelike werkswinkel betrek waar agt dubbelbanke voorsien is met 'n goeie voorraad gereedskap. Ook 'n draaibank en smidsvuurherd is voorsien. Die seuns van die drie groot skole van Potchefstroom sou dan om die beurt hierheen kom vir handwerkonderrig. By die Vyfhoek-nedersetting naby Potchefstroom het die direkteur van die nedersetting ook beloof om 'n werkswinkel met die nodige banke en gereedskap te verskaf.)²

Ook in Krugersdorp is 'n tydelike werkswinkel opgerig met 'n uitrusting soortgelyk aan die te Potchefstroom.)³ Hier sou leerlinge egter 10/6 per kwartaal moes betaal ter instandhouding van die sentrum.)⁴

In die Pretoriase kring rapporteer inspekteur Cooke in dieselfde jaar dat afstande wat die kinders vanaf die voorstede moes aflê na die sentrum by Gimnasium, te groot was en baie moeilikhede meebring. Hy kondig egter verder aan dat 'n nuwe handwerksentrum die volgende jaar in Gezina in gebruik geneem sou word.)⁵ Teen die einde van Junie 1905 het die heer W.A. Milton reeds Handwerk ook in Johannesburg georganiseer en drie lokale is ingerig, nl. in Braamfontein, Langlaagte en op die Uniegronde.)⁶ In

1	Transvaal Education Department, Report 1904,	39.
2	Ibid,	40.
3	Idem.	
4	Idem.	
5	Ibid,	41.
6	Transvaal Education Department, Report 1905-6,	142.

Pretoria was daar twee sentra in werking, nl. in Gezina en aan die Gimnasiumskool, terwyl Potchefstroom, Krugersdorp en Wolmaransstad een elk gehad het.)¹ Die idee was dan dat die kinders van die omliggende laerskole hierdie handwerk-sentra eenmaal per week sou besoek en onderrig ontvang in elementêre handwerk.

Gedurende die daaropvolgende jaar het daar aansienlike ontwikkeling plaasgevind. Veral die heer Milton, hoof van die handwerk aan die Witwatersrand, was baie entoesiasties en het hom in so 'n mate beywer vir die saak dat die ou sentra in Braamfontein en Langlaagte verskuif is na meer doeltreffende lokale in Vrededorp en Mayfair, terwyl nuwe sentra geopen is in Germiston, Roodepoort en Troyville.)² In Jeppe is daar 'n begin gemaak met 'n metaalwerksentrum wat die eerste in sy soort sou wees.)³ In Vrededorp is 'n houtwerkklas vir kleurlingkinders toegevoeg by die reeds bestaande klas vir blanke kinders.)⁴

In Pretoria is ook twee nuwe sentra geopen, nl. aan die Burgher Rightskool en in Marabastad, lg. vir kleurlinge.

Behalwe Johannesburg en Pretoria is die enigste ander sentrum in die jaar by Modderfontein)⁵ geopen maar voorsiening is gemaak vir aansienlike uitbreiding in die volgende jaar. In Junie 1905 het 608 seuns onderrig in Handwerk ontvang terwyl die getal in 1906 aangegroei het tot 1277.)⁶ Uit hierdie syfers blyk dus watter geweldige vordering Handwerk as vak in die 5 jaar gemaak het en as die omstandighede daarby in aanmerking geneem word, kan hierdie groei as fenomenaal bestempel word. Die tekens dat Handwerk as vak reeds deur die skoolwese in Transvaal erken is

}1 Transvaal Education Department, Report 1905-6, 142
}2 Idem.
}3 Idem.
}4 Idem.
}5 Idem.
}6 Idem.

en nog verder sou ontwikkel, was dus besonder gunstig. Ten spyte van die hoër onderhoudskoste in vergelyking met die ander skoolvakke het Handwerk reeds so 'n populariteit geniet dat dit in die vervolg kon reken op die steun en aanmoediging van die owerhede sowel as onderdane.

3. Die aanstelling van 'n Inspekteur en Organiseerder van Tegniese Onderwys, 1908 en die Ontwikkeling tot en met die Eerste Wêreldoorlog 1914.

Na die beeëndiging van die Kroonkolonie-bestuur in Transvaal en na die aanname van die Smuts-Onderwyswet in 1907 het die Transvaal groter begin aanvoer wat onderwyssake betref. Wat veral van groot belang was vir die handwerk was die aanstelling van 'n spesiale inspekteur en organisserder van Tegniese onderwys)¹ waardeur Handwerk dan ook 'n geweldige stoot vooruit gekry het.

Hierdie persoon was die heer W.J. Horne, gewese dosent in fisika aan die South African College, Kaapstad. Horne was 'n gekwalifiseerde ingenieur en vanweë sy wye opvoedkundige ervaring, 'n besonder geskikte man vir hierdie taak in hierdie stadium. Die hoofdoel met sy aanstelling was die ontwikkeling van tegniese onderwys van 'n primêre sowel as sekondêre aard.)² Voorsiening vir Handwerk, wat hoofsaaklik die vorm van houtwerk sou aanneem, sou in elke stad en dorp gemaak word en uitbreiding hiervan na die platteland sou afhang van die sukses van sentralisasie waarmee daar reeds 'n begin gemaak is.)³ Hierdie verslag van direkteur Adamson lê weer nadruk op die aanvanklike verwarring tussen die betekenis van Opvoedkundige Handwerk en tegniese of beroepsopleiding, want nou sou die handwerk aan die primêre skole bekend staan as tegniese onderwys in die primêre stadium. Die handwerk van die laerskool moes nou dien as aanmoediging en inleiding tot die sekondêre tegniese onderwys. Later sou

¹ Transvaal Education Department, Report 1908,

² Idem.

³ Idem.

Adamson weer van sienswyse verander en sou handwerk weer 'n aparte entiteit word.

Om hierdie soort werk verder uit te brei, sou tegniese skole in verskillende sentra opgerig word. Hierdie skole sou oral verskillend van aard wees om sodoende aan te pas by die behoeftes van die industrieë van elke spesifieke omgewing.)¹ Die bedoeling was dan dat seuns voorberei moes word in die algemeen of meer spesifiek, wat die beste ook al mag blyk te wees, vir verskillende industriële beroepe. In hierdie stadium is Handwerk dus beskou as 'n vak met definitiewe beroepstendense. Dit was immers die beskouing van die onderwysowerhede; 'n beskouing wat ook deur Horne gedeel is.

Ten spyte van hierdie goeie voornemens is daar in hierdie tyd slegs een tegniese skool voltooi weens die geweldige uitbreidingsprogram van die Departement sedert 1907. Hierdie skool sou in Januarie 1909 in Pretoria geopen word.)² Die direkteur kon aan die einde van die jaar egter melding maak van bevredigende uitbreiding in die primêre stadium.)³

Behalwe vir die reeds bestaande handwerklokale het aan die Rand nog bygekom lokale te Randfontein, Turffontein en Spes Bona. In Pretoria is nuwe lokale geopen te Mayville, Oos-Sentraal, die Normaalkollege en aan die Pretoria College. Plattelandse dorpe wat in die tyd lokale gekry het was Louis Trichardt, Middagzon, Pietersburg, Standerton en Verzamelhoek. Die aantal handwerklokale in Transvaal het dus in 1908 te staan gekom op 25 terwyl die aantal seuns wat in die vak onderrig ontvang het gestyg het tot 1944.)⁴

In die loop van die volgende jaar moes 4 sentra weer gesluit word as gevolg van 'n gebrek aan geskikte onderwysers of omdat die getalle gedaal het. Daar was dus nou net 21 sentra maar die aantal seuns wat daarin onderrig ontvang

}1 Transvaal Education Department, Report 1908,	19.
}2 Ibid,	20.
}3 Idem.	
}4 Ibid.	46.

het, het geweldig gestyg tot 2680.)¹ Veral die toename aan die Rand en Pretoria was vir hierdie styging verantwoordelik.

In hierdie verband is die eerste verslag van inspekteur Horne in 1909 oor tegniese onderwys en in die besonder handwerkonderwys in die laer standerds van groot belang, want dit verskaf dadelik 'n duidelike insig aangaande die vordering wat hierdie soort onderwys tot en met 1909 in Transvaal gemaak het. Tot aan die einde van 1908 is onder-rig slegs in karton- en houtwerk gegee met uitsondering van die Jeppe-sentrum waar natuurlik ook metaalwerk gegee is. Handwerk in die laer klasse het nog steeds op 'n vrywillige basis geskied. In 1909 is die hele leerplan egter hersien en is Handwerk 'n verpligte vak gemaak waarby metaalwerk ook ingesluit was.)² Die Jeppe-metaalwerksentrum was egter sleg geleë en het nie oor die voldoende ruimte beskik om uitvoering te gee aan hierdie nuwe deel van 'n verpligte kursus in die leerplan nie. Derhalwe is 'n begin gemaak met 'n ander metaalwerksentrum op Von Brandisplein, deur 'n ou sinkgebou aldaar te verander en in te rig, waarna die Jeppe-sentrum gesluit sou word.)³ Ook met betrekking tot die houtwerksentra in die Johannesburgse area het fasiliteite nou onvoldoende geraak en is daar aandag geskenk aan die oprigting van nuwe lokale te Melville en Yeoville waarvan Yeoville in daardie jaar uitgerus is.)⁴ Ook ander bestaande lokale sou vergroot en meer werksplekke verskaf word om so-doende meer seuns te akkommodeer. Aan die Wesrand is 'n nuwe lokaal beplan te Newlands maar die Organiseerder rapporteer dat geen metaalwerk nog aan die Wesrand gegee word nie ten spyte van sy aanbevelings in hierdie verband.)⁵ In

}1 Transvaal Education Department, Report 1909,
}2 Ibid,
}3 Idem.
}4 Idem.
}5 Idem.

Pretoria is nog 'n houtwerklokaal opgerig by Suidskool terwyl 'n algemene organisasie van die Pretoria-distrik vir 1910 in die vooruitsig gestel is.)¹ Nuwe sentra is ook opgerig te Heidelberg en Middelburg.)²

Om sake te bespoedig en in die skielike vergrote aanvraag te voorsien het Horne self aan die einde van 1908 'n spesiale werkbank ontwerp wat geskik sou wees vir hout- sowel as tekenwerk terwyl elke bank 'n rak sou hê vir gereedskap. Dit is gedoen met die oog op besparing van tyd sowel as ruimte, en sou 'n groot verbetering blyk te wees op die ou soort banke. Ongelukkig is die voorsiening van hierdie soort banke egter vertraag, deurdat die Publieke Werkedepartement nie 'n geskikte kontrakteur kon vind om die banke te maak nie, en ook omdat daar opgesien is teen die hoë koste. Om hierdie moeilikheid te oorbrug het Horne voorgestel dat die banke in die Pretoriase ambagskool gemaak kon word, met gereedskap uitgerus word en direk aan die handwerklokale uitgereik moes word.)³ Dit sou die vertraging tot 'n minimum beperk en kon handwerklokale dus gouer uitgerus word.

Daar was in die tydperk 1908-1909 ook 'n aansienlike vermeerdering in die aantal skole wat Kartonwerk onderrig het. Hierdie vak is vanaf st.I tot st.III gegee. Die verdere uitbreiding was egter gestrem deur 'n gebrek aan bevoegde onderwysers. Om dié moeilikheid te oorbrug, sou spesiale vakansiekursusse sowel as middagklasse in Johannesburg vir onderwysers georganiseer word in 1910.)⁴

Om te verseker dat handwerkonderwysers behoorlik gekwalifiseer is, is 'n leerplan met 'n reeks eksamens vir handwerkonderwysers saamgestel en gepubliseer wat sou vergelyk met die eksamens van gewone onderwysers en sou strek oor 'n periode van drie jaar. Behalwe vaardigheid in hout-

)1 Transvaal Education Department, Report 1909,

111.

)2 Idem.

)3 Ibid,

112.

)4 Idem.

en metaalwerk, sou die houer van so 'n sertifikaat ook bevoeg moes wees om onderrig te gee in Geometriese sowel as Meganiese Tekene, Meetkuns en Praktiese Meetkunde soos neergelê in die nuwe Kode.)¹

Stemme het ook na 1908 begin opklink dat beroepsonderwys wat tot dusver onder die provinsies geressorteer het, aan die Unie Departement van Onderwys oorgedra moes word. Dit was trouens ook een van die belangrikste vraagstukke wat sig voorgedoen het met die totstandkoming van Unie. Op 'n konferensie byeengeroep deur die Minister van Onderwys, 8 tot 10 November 1911 te Pretoria)², is besluit dat vakskole, industriële skole en ambagskole onder die onmiddellike beheer van die Unieregering moes kom en dat 'n nasionale raad van advies vir tegniese onderwys in die lewe geroep moes word. Op 'n latere vergadering, in Maart 1912,)³ van die provinsiale administrateurs en uitvoerende komitees in Kaapstad is egter weer besluit dat goedkeuring geheg word aan die aanstelling van 'n adviesraad maar dat hierdie Raad hom nie mag inmeng in enige sake wat betrekking het op die werk gedoen as deel van die leerplan van enige laer of middelbare skool as onderskeie van spesiale vakskole nie. Die gevolg van hierdie besluite was dat daar van die kant van die Unieregering nie weer ingemeng is in hierdie saak nie en dat praktiese en beroepsonderwys, voorlopig altans, onder provinsiale beheer sou bly.

In die jaarverslag van die Direkteur van Onderwys vir 1911 is daar 'n duidelike omkeer ten opsigte van die houding teenoor Handwerk te bespeur. Hy verklaar naamlik onomwonde dat dit nie as tegniese onderwys beskou moet word nie maar dat dit nou algemeen aangeneem moet word as 'n deel van die leerplan van die algemene laeronderwys vir seuns.)⁴

)1 Transvaal Education Department, Report 1909,	112.
)2 Coetzee: Onderwys in Transvaal,	145.
)3 Ibid,	123.
)4 Departement van Onderwijs Transvaal, Rapport 1911,	32.

Gedurende hierdie jaar het Handwerk ook weer vinnig vooruitgegaan en verklaar die Direkteur ook dat daar weinig seuns in die groter stede en omstreke is wat nie die kursus volg nie, terwyl daar in die plattelandse dorpe ook vooruitgang was.)¹ Daar het egter moeilikhede met bevoegde onderwysers bestaan omdat daar in die kleiner plekke nie genoeg kinders was om 'n spesiale onderwyser vir die vak te regverdig nie. Soms moes die hulp van 'n vakman ingeroep word maar dit het nie bevredigend gewerk nie omdat so 'n persoon nie kennis van onderwys gehad het nie. In ander gevalle weer het 'n rondreisende onderwyser meer as een skool bearbei terwyl die klein skooltjies afhanklik sou wees van 'n gewone onderwyser op die personeel met 'n handwerkendossement op sy sertifikaat.

Direkteur Adamson stel ook die invoering van die vak in die hoërskole in die vooruitsig en meen dat dit veral vir die laer klasse hier van groot opvoedkundige waarde kon wees.)²

In Mei 1911 word 'n belangrike stap gedoen ten einde 'n groter aantal onderwysers vir spesiale vakke te verkry.)³ Daar is naamlik besluit om die Raad van Onderwys van London te versoek om 'n lys van spesiale onderwysers, wat gewillig sou wees om na Suid-Afrika te kom, saam te stel sodat indien 'n vakature nie uit die Transvaalse onderwysgeledere gevul kon word nie so 'n onderwyser dan ingevoer en aangesel sou word. Die voorwaarde is egter uitdruklik gestel dat so 'n onderwyser alleen ingevoer sou word indien daar gladnie 'n geskikte kandidaat in Transvaal gevind kon word nie.)⁴

Aan die einde van die volgende jaar, d.w.s. 1912, rapporteer die Direkteur besonder gunstig oor Handwerk en

}1 Departement van Onderwijs Transvaal, Rapport 1911, 32.
}2 Idem.
}3 Ibid, 20.
}4 Idem.

maak hy ook melding van aansienlike vordering in die rigting. Handwerk word nou ook nie meer in dieselfde sin as tegniese onderwys genoem nie maar kry nou 'n suiwer opvoedkundige strekking.

In dié jaar sou Handwerk ook vir die eerste keer sy verskyning in die hoërskole maak as kulturele vak tot en met st.VIII. Die vak sou aan al vier die middelbare skole vir seuns aan die Rand en in Pretoria ingevoer word.)¹ In die nuwe skoolgeboue is daar dan ook gesorg vir die nodige lokale met uitrusting vir houtwerk maar nie vir metaalwerk nie. Dit sou eers later volg sodra die houtwerk 'n bepaalde standaard bereik het. In elkeen van hierdie skole is 'n spesiale handwerkonderwyser aangestel wat genoeg werk sou hê om hom voltyds besig te hou.)²

Die seuns van die middelbare skool in Potchefstroom moes die sentrale sentrum in die dorp besoek vir handwerkonderrig, maar in die uitbreidingsplanne van die skool was daar ook voorsiening gemaak vir 'n handwerklokaal.)³

Die Direkteur openbaar verder ook 'n gloeiende entoesiasme vir handwerkonderrig aan die middelbare skool en verklaar dat die nut en belangrikheid daarvan onbetwisbaar is. Die objektiewe aard van die werk, die geestelike rigting na buite en die oefening van die hand wat daarvoor nodig is, gee rus en krag aan die gees en is 'n besliste teenwig teen die oorwegend akademiese rigting van die middelbare skool. Die opleiding word boonop nog regstreeks diensbaar aan die wetenskap en ook is die handwerksentrum eerder 'n laboratorium vir konkrete meting.)⁴ In dieselfde strekking maak die Direkteur ook melding van die heersende vooroordeel by die algemene publiek sowel as sommige onderwysers teen Handwerk aan die middelbare skool. Hy skryf die

1 Departement van Onderwijs Transvaal, Rapport 1912, 84.
 2 Idem.
 3 Idem.
 4 Transvaal Education Department, Report 1912, 83.

vooroordeel veral toe aan die feit dat dit in verband gebring word met die ambagskool wat reeds 'n stigma verkry het, en aan blote konserwatisme. Hierdie toestand sou egter vir baie lank daarna nog voortduur.

Handwerk aan die laerskole het nog steeds uitgebrei, veral in die groter plattelandse dorpe deur die inrigting van lokale in die skoolgeboue self of op die terrein. In alle nuwe skoolgeboue sou daar in die toekoms ook 'n handwerklokaal aangebou word. Voorbeelde hiervan was reeds nuwe skole in Benoni, Boksburg-Noord, Troyville, Malvern, Turffontein, Germiston en Krugersdorp aan die Rand terwyl dieselfde die geval was aan die Gimnasium, Burgher Right-skool en Gezina in Pretoria waar die kinders die handwerklokaal kon besoek sonder om die gebou of terrein te verlaat.)¹ Die voordeel hiervan was natuurlik tydbesparing. Met 'n sentrale skool waar die kinders van verskillende skole een handwerksentrum moes besoek, was die geval dus net andersom. Die seuns moes heen en weer reis terwyl die onderwyser by die sentrum gebly het. Die rede hiervoor was natuurlik kostebesparing, en waar die afstande nie te groot was nie, was die probleem gering. In die tyd het die uitrusting van 'n sentrum alleen £200 bedra)² en kon daar gevolglik slegs aan die groot skole sentrums ingerig word, en moes die kinders van die omliggende kleiner skole die groot sentrale skool besoek vir handwerkonderrig. Die gewenste toestand sou natuurlik sentra vir alle skole wees om Handwerk sodoende in verband te hou met ander skoolvakke en ook andersom.

In die kleiner plattelandse dorpe het die vak ook geleidelik uitgebrei hoewel die organisasie hier meer moeilikhede opgelewer het omdat die skole kleiner was en gewoonlik verder uitmekaar geleë was. Hier is die moeilikhede dan

)1 Transvaal Education Department, Report 1912,

)2 Idem.

oorbrug met 'n rondreisende onderwyser soos bv. tussen Potchefstroom en Klerksdorp.)¹ Soms is ook die hulp van plaaslike ambagslui ingeroep, hoewel hierdie stelsel nie baie bevredigend gewerk het nie weens die ambagsmanne se gebrek aan onderwysopleiding.

Die plattelandse skole self het egter baie moeilikhede opgelewer hoewel verskeie pogings aangewend is om die vak hierheen uit te brei. Die moeilikhede was in die eerste plek geskikte lokale en in die tweede plek opgeleide onderwysers vir hierdie vak. Wat die eerste betref kon nog 'n plan gemaak word deur enige ou gebou in die nabyheid in te rig, maar in die geval van onderwysers sou die enigste oplossing wees as daar 'n onderwyser aan die personeel verbonde bevoeg was om die vak te onderrig, want die aantal seuns bo st. III sou nie die aanstelling van 'n reisende onderwyser regverdig nie.

In die Direkteur se jaarverslag vir 1912 word weereens beklemtoon dat handwerk aan die laer sowel as middelbare skool eintlik die voorbereiding vir die latere tegniese en ambagsopleiding moet wees, afgesien van ander voordele daaraan verbonde. Hierdie voorbereidende ambagsonderwys omvat as hulpwetenskap die Natuurkunde en die eerste beginsels van meganiese tekene, benewens die handwerk soos karton-, hout- en metaalwerk.)²

In sy verslag stel die Direkteur dit ook baie duidelik wat daar onder handwerk bedoel word in teenstelling met tegniese-, industriële- of ambagsonderwys.)³ Die strekking van die verskillende soorte van handwerk soos aan die Transvaalse skole in die tyd onderwys is, is soos volg:-

- (a) Kartonwerk sts.II en III. Die kind kry sy eerste lesse in die uitmeet en maak van vorme, waarby hy sekere elementêre waarhede omtrent die meetkunde aanleer en toe-

¹ Transvaal Education Department, Report 1912, 85.
² Departement van Onderwys Transvaal, Rapport 1912, 147.
³ Idem.

pas. Die weg word hier gebaan vir Meetkunde en Werktuigkundige Tekene.

- (b) Houtwerk sts.IV, V en VI. Die kind kry verdere ontvinding van meetwerk. Hy behandel en hanteer nou moeiliker en swaarder materiaal waar foute ernstiger gevolge kan hê. Die weg word hier gebaan vir meting by elementêre natuurwetenskap in die algemeen en vir die bestudering van meetkundige liggame in verband met werktuigkundige tekene. Ook bevorder hierdie onderwys die noukeurigheid en die vermoë om iets te voorsien en betyds voorsorg te tref.

- (c) Metaalwerk sts.VII en VIII. By hierdie soort werk word groot noukeurigheid vereis. In verband met natuurwetenskap lei dit die kind tot noukeurige praktiese ondersoek instelle daarvan om iets slegs op gesag aan te neem.

Direkteur Adamson beskou Handwerk dan nie blootweg net as 'n teenwig vir boekestudie nie, maar as 'n noodsaaklike deel van die skoolopleiding as gevolg van die gewysigde maatskaplike toestande deur verandering op die gebied van die nywerheid teweeg gebring. Ook moet dit korreleer met die ander skoolvakke om dié minder abstrak te probeer maak.

In die jaar word in die jaarverslag van die Direkteur ook 'n volledige lys gepubliseer van die bestaande handwerksentra tesame met 'n bygaande kaart. Die totale aantal sentra het toe te staan gekom op 26.)¹

Op aandrang van inspekteur Horne is in 1912 ook 'n stelsel van opsieners ingestel om hom by te staan in sy taak van toesig en inspeksie sowel as hulp aan handwerkonderwysers. Hierdie stap is begryplik as daaraan gedink word dat Horne terselfdertyd ook nog organiseerder van tegniese onderwys was. Hierdie opsieners sou die status van skoolhoofde beklee en 'n aantal sentra in 'n vasgestelde area sou dan aan hulle leiding en toesig toegewys word. Aan die

¹ Departement van Onderwijs Transvaal, Rapport 1912, 150.

Rand het die heer Milton opsiener geword terwyl die heer J. Linekar hierdie pos in Pretoria gevul het.)¹

In die volgende jaar neem die leerlingtal so snel toe dat die voorsiening van fasiliteite nie daarmee kon tredhou nie. Die gevolg was 'n daling van 2.5% in verhouding met die vorige jaar wat betref die aantal seuns wat handwerklokale besoek.)² Die grootste vermeerdering in leerlingtal het plaasgevind by die vak Kartonwerk wat toegeskryf kan word aan die bereidwilligheid van hoofde om hierdie vak in hulle roosters op te neem en omdat dit deur 'n gewone onderwyser in 'n gewone klaskamer gegee kon word.

Die Oosrand, wat ook onder opsienerskap van Milton geresorteer het, is afgesny en onder 'n nuwe opsiener, nl. die heer D.H. Wheeler geplaas.)³ Hierdie verandering was noodsaaklik weens die vermeerdering van houtwerkklasse en die vermindering van kartonwerkklasse aan die houtwerksentra in die sentrale Witwatersrandse gebied, die oprigting van nuwe metaalwerksentra aan beide van die hoërskole in Johannesburg, sowel as die oprigting van beide 'n nuwe hout- en metaalwerksentrum aan die Troyvilleskool en van nuwe sentra vir houtwerk aan die sentrale Jeppeskool te Parkgate (voorheen Ireneskool) en aan die Norwoodskool.)⁴ Milton sou sy hande dus vol hê aan die sentraal Randse area sonder die Oosrand waar ook nuwe sentra geopen is te Benoni en Boksburg-Noord terwyl Springs ook al geruime tyd aangedring het op 'n sentrum.)⁵

Aan die Wesrand is geen nuwe sentra geopen nie dog met die oprigting van 'n nuwe skoolgebou te Roodepoort is die houtwerksentrum verskuif na die ou gebou waar 'n geriefliker kamer vir die doel gevind is.)⁶ Die houtwerksentrum in

)1 Departement van Onderwijs Transvaal, Rapport 1912, 85.
)2 Departement van Onderwijs Transvaal, Rapport 1913, 73.
)3 Idem.
)4 Idem.
)5 Ibid,
)6 Idem.

Krugersdorp is ook ingerig vir metaalwerk)¹ wat die eerste in sy soort was in die sin dat beide hout- en metaalwerk in een sentrum gegee is. Met die oog op kostebesparing sou dit later al hoe meer die mode word. Die opening van 'n nuwe sentrum te Blaaubank No.104 het ook aan die Wesrand 'n opsiener noodsaaklik gemaak en die heer Lowden is in hierdie hoedanigheid aangestel.)²

So vinnig het Handwerk in Pretoria uitgebrei dat die sentrum aan die Gimnasium te klein geword het en 'n addisionele metaalwerksentrum aanbeveel is om verligting te bring. Aan die Burgher Rightskool is 'n nuwe sentrum vir houtwerk geopen in 'n afsonderlike sinkgebou, terwyl te Cullinan 'n lokaal voorsien is van die nodige uitrusting met die bedoeeling om vroeg in 1914 aldaar 'n begin te maak met houtwerkonderrig.)³ 'n Onderwyser sou gereeld uit Pretoria gaan om die klasse daar waar te neem. Verder word berig dat ook aan die hoërskool in Pretoria daar 'n gebrek aan voldoende fasiliteite was en dat nuwe geboue vir die doel noodsaaklik geword het.)⁴

Ook in Potchefstroom was daar vordering op hierdie gebied en as gevolg van die noodsaaklikheid van nog meer sentra in die dorp en die opening van 'n nuwe sentrum te Klerksdorp, is besluit om 'n opsiener vir albei dorpe aan te stel in die persoon van die heer W.F. Tomkins.)⁵ Aan die Noorderskool is onmiddellik hierna 'n sentrum geopen en ook een georganiseer aan die Suidskool. Die uitbreiding aan die hoërseunskool het ook voorsiening gemaak vir 'n hout en metaalwerksentrum wat in 1914 geopen sou word.)⁶

Die buiteskole is nog steeds van werksbanke en gereed-

)1 Departement van Onderwijs Transvaal, Rapport 1913, 74.
)2 Idem.
)3 Idem.
)4 Idem.
)5 Idem.
)6 Idem.

skap voorsien, maar die stadige aflewering van hierdie banke deur die Pretoriase ambagskool het die ontwikkeling hier vertraag. Daarom is daar dan ook met 'n firma in Pretoria 'n kontrak aangegaan vir die maak van die banke terwyl die ambagskool dit net sou uitrus met gereedskap en aan die betrokke skole stuur. In die tyd is dan ook aan nege buiteskole 39 werksbanke uitgereik, terwyl die oprigting van handwerkklasse in nog tien skole oorweeg is.)¹ Daar is egter gevoel dat die uitreiking van meubels deur die sentrale kantoor te Pretoria te langzaam en omslagtig was en dat hierdie verpligting oorgeplaas moes word na die verskillende skoolrade. As gevolg van baie vertoë kon hoofde nou by hulle onderskeie skoolrade meubels aanvra. Die skoolraad vra dan op sy beurt spesifikasies, planne ens. van die departement en gee dan die kontrak vir sulke meubels per tender uit vir aflewering deur firmas. By aflewering van sulke meubels en werksbanke veral, moes die opsiener dit goedkeur en die sekretaris van die skoolraad dan die eindsertifikaat teken om sodoende alle partye te bevredig dat die kontrak na wense uitgevoer is, waarna die sertifikaat dan na die Departement deurgestuur is vir betaling.)²

Die personeel van handwerkonderwysers het in die tyd manne ingesluit met die hoogste praktiese kwalifikasies maar met weinig onderwysservaring sowel as onderwysers met die beste onderwyssertifikate maar met geringe praktiese ondervinding, met die gevolg dat op een of twee uitsonderings na, werkskemas nooit ter goedkeuring ingestuur is nie, en waar dit nog gedoen is, was dit net blote uittreksels uit die leergang. By die groot handwerksentra was dit natuurlik nie die geval nie. Leiding in hierdie saak was dus onontbeerlik en 'n modelleergang moes uitgewerk word, maar daar moes ook sorg gedra word dat alle inisiatief nie

)1 Departement van Onderwijs Transvaal, Rapport 1913, 75.

)2 Idem.

hierdeur gedood word nie. 'n Ander oorweging om hierdie moeilikheid te oorbrug sou wees die uitruiling van onderwysers tussen dorp en platteland sodat plattelandse onderwysers meer ondervinding aan die groter dorpsentra kon opdoen. Uitruiling moes ook plaasvind tussen onderwysers aan ambagskole en onderwysers by handwerksentra.)¹

Die stelsel van opsieners of hoofde van handwerk het nou 'n vaste patroon begin aanneem. Aan die hoof van alle praktiese onderwys het die heer W.J. Horne gestaan wat die status van inspekteur beklee het. Onder hom het geressor-teer alle tegniese-, ambag- en industrieskole sowel as die handwerksentra waarheen gewone skoolkinders gekom het, en hy was dan verantwoordelik vir die toesig en inspeksie daarvan. Om sy taak, wat gewone handwerk betref, te vergemaklik, is opsieners aangestel met die status van skoolhoof wat sou toesig hou oor 'n aantal sentra in 'n bepaalde area, die vak op 'n gesonder grondslag plaas en die handwerkonderwysers met raad bystaan en toesien dat hulle pligte na wense uitgevoer word. Die hooforganiseerder het egter self ook nog van tyd tot tyd die sentra besoek en die inspeksie daarvan waargeneem. Wat kartonwerk betref het die inspeksie daarvan blykbaar geleidelik oorgegaan na die gewone kringinspekteurs, aangesien dit gewone onderwysers was wat die vak in hulle klaskamers onderrig het. Ook aan die plattelandse skole waar 'n gewone lid van die personeel die houtwerkklasse waargeneem het, het die kringinspekteurs inspeksie gedoen aangesien dit vir Horne self feitlik onmoontlik was om hierdie taak ook nog te verrig, gesien die geweldige uitbreiding wat handwerk ondergaan het. As voorbeeld hiervan vind ons in die inspeksieverslag van die heer Acheson vir 1914 klagtes in verband met die gebrekkige fasiliteite

)1 Departement van Onderwijs Transvaal, Rapport 1913;

vir handwerk in sy kring en dat hy nuwe sentra aanbeveel in Springs, Brakpan en Van Ryn, en om tyd en vervoerkoste te bespaar moes daar liever 'n rondreisende onderwyser aangesel word in Benoni wat dan die klasse aan genoemde sentra kon gaan waarneem, in plaas daarvan dat die kinders na een sentrale sentrum moes gaan.)¹

Ook inspekteur N. Hofmeyer van die sentrale kring beveel die oprigting van nog meer handwerksentra in sy area aan, onder andere in Vereeniging, Nigel, Willemsdal, Balfour, Rooipoort, Koedoesfontein, Slangfontein en aan ander sentrale skole.)²

4. Die Eerste Wêreldoorlog 1914, en die ontwikkeling tot 1925.

In 1914 het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek wat soos later sal blyk ook sy invloed sou uitoefen op die handwerkonderwys in Transvaal. Die leerlingtal is egter nie beïnvloed nie want die getal seuns wat handwerkonderrig ontvang het, het steeds gestyg en was aan die einde van hierdie jaar 5541 in vergelyking met 4859 van die vorige jaar terwyl die aantal sentra met sewe vermeerder het.)³

Aan die einde van 1915 publiseer die departement in sy jaarverslag 'n uitgebreide en omvattende verslag van die Organiseerder en Inspekteur van Tegniese onderwys. Nie alleen sit Horne hierin al die aspekte van praktiese onderwys baie logies uiteen nie maar hy wy ook filosofies uit oor die onderwys en onderwyssisteme. Hy openbaar alreeds in dié tyd 'n vérsiendheid aangaandie die onderwysrigting waarin Transvaal gestuur behoort te word. Horne wil die onderwys stel teenoor die agtergrond van die toekomstige industriële ontwikkeling van die land. Ter staving van bogenoemde kan Horne dan in sy eie woorde aangehaal word:- „When a system of national education is considered from the outside, it is im-

}1 Departement van Onderwijs Transvaal, Verslag 1914, 79.
}2 Ibid, 95.
}3 Ibid, 61.

portant to consider first, the minimum attainment that should be its' aim and secondly, the maximum achievement that ought to be its' ideal. There may be no limit to the ideal, but it will be admitted that the irreducible minimum is that the girls should become fit for motherhood and be mentally and technically fit to manage a household, and that the boys should become fit for fatherhood and be mentally and technically fit to earn a living wage in some department of labour. Nothing can be more certain than that the child whose education is stopped at or before the age of fifteen cannot have received its minimum. One of the difficulties in discussing education is that so many still think of it as something put into the mind instead of as something drawn out of it; that, in fact the school is a kind of glorified warehouse dealing in intangible materials of which the pupils receive in quarterly instalments an assortment which they will be able to retail at considerable profit at some future fixed date in the examination market, even if the goods delivered by the pupil are considerably reduced in value by the process. This attitude of mind, that parents and employers are ever ready to complain of, namely scrappy knowledge on the part of the pupil. Then there is the cry: 'Why don't they teach children something useful in school?' Each attitude implies a course of instruction that will create a demand for the child in the labour market, commercial or otherwise, and they show that the functions and necessary limitations of the ordinary school are not understood by the average parent.")¹

Horne gee toe dat die eis om beroepsonderwys redelik en gegronde is, gesien in die lig van die moderne industriële en kommersiële ontwikkeling. Hierdie behoefte is reeds in ander lande gevoel en tegemoet gekom en verder gee hy 'n

omslagtige uiteensetting van wat reeds in al die oorsese industriële lande gedoen is in dié rigting. Hy het dan ook alles in sy vermoë gedoen om beroepsonderwys in industriële gebiede van Transvaal te bevorder en daadwerklike pogings is ook in hierdie rigting aangewend hoewel dit geblyk het nie veel inslag te vind nie. Die eis om beroepsonderwys gedurende die kind se latere primêre loopbaan, sou tegemoet gekom word deur die oprigting van beroepskole vir seuns en dogters te Fordsburg onder die sentraal Randse skoolraad.¹ Opsiener Milton sou aan die hoof staan van die skool vir seuns en die onderrig sou die vorm aanneem van verdere ontwikkeling van die hout- en metaalwerkkursus soos toegepas by die gewone skole en sou insluit skrynwerk, wabou en plaatmetaalwerk. Die tekenkursus sou ook uitgebrei word tesame met rekene vir eenvoudige tegniese toepassing. Sommige van die benodigde uitrusting sou verskaf word deur die ambagskool terwyl die ander aangekoop sou word vir sestig seuns aanvanklik, en sou in 1916 geopen word.)² Die idee was dan dat die seuns van die omliggende skole vir een vol dag per week hierdie skool om die beurt sou besoek, en dat soveel seuns as moontlik op hierdie manier beroepsonderwys moes ontvang.

Wat betref gewone handwerkonderwys aan gewone skoolkinders wys die organiseerder op die wanbegrip wat daar by ouers en die publiek heers, naamlik dat dit die kind oplei vir 'n beroep. Die doel van hierdie soort onderrig verskil hemelsbreed van die van ambagsonderwys. Die doel is die samewerking van hand en oog, en om korrelasie te verkry tussen gees en liggaam. Dit is net 'n ander metode om die kind te laat dink deur hom te laat werk met tasbare materiaal aan iets wat volgens sy mening 'n definitiewe nuttigheidswaarde het. Insteede van abstrakte probleme kry die

¹ Transvaal Education Department, Report, 1915,
² Idem.

kind nou iets konkreet en werklik wat hy kan hanteer, liggaamlik sowel as geestelik. In Horne se eie woorde:- „Manual training is more than a mere counter-irritant to classroom or desk studies, and is essential if the intelligence and adaptability of the pupil are to be as fully developed as is desirable by the primary school course. No one will deny that a wide range of contact with tools and with the materials to which these tools can be applied, either at the bench or at the lathe, gives a boy a certain amount of knowledge which would be useful to him if he were to enter a workshop as a learner; but the aim of the training must be realized by the parents - it is training in forethought, and as I have already said, in correlation between hand and eye, and it is not a training towards a future entry to some trade. It is more nearly comparable with that development which results from the spontaneous experience-getting when engaged in such highly specialized games as football and cricket. Its' method may be summarized in the phrase, 'nothing made which have not been drawn and nothing drawn which cannot be made'; that is of course, made by the pupil. Thus the course of instruction must be based on the pupil's experience - his world advancing in difficulty along a parallel road with the classroom or desk subjects and in such a way as will help his progress along either road. In other words, the manual training instruction should be correlated with arithmetic, drawing and science, and even with history and geography.")¹

Hierdie ideale en doelstellings van Horne is egter nêrens na wense toegepas of verwesenlik nie, deels as gevolg van die oorgrote getal ongekwalfiseerde onderwysers en omdat hy as gevolg van te veel ander werksaamhede nooit sy persoonlike aandag daaraan kon bestee nie.

Die oorlogsjare het die voorsiening van handwerkfasiliteite nog verder vertraag en die agterstand steeds verder vergroot in verhouding tot die aanwas van leerlinge. Die Oos- en Sentraalandse gebiede is die swaarste getref. Die feit dat st.VII klasse afgeskaf is by die laerskole het die toestand weinig verlig aangesien hierdie standerd buitendien metaalwerkonderrig aan die Rand ontvang het. Die openinge wat egter wel ontstaan het, is eerder toe te skryf aan die oorplasing van st. VI seuns en in sommige gevalle ook st.V seuns van die houtwerk- na die metaalwerkafdelings.)¹ Selfs met hierdie verandering kon daar nog nie voorsien word in die behoefte van die groot getal st.IV seuns nie en daarom is besluit dat die Johannesburgse sentra voortaan met dubbelklasse sou moes werk, deur gewone klaskamers as tekenlokale in te rig waar die helfte van die dubbelklas dan vir die helfte van dié vir Handwerk toegestaande tyd sou tekenonderrig ontvang terwyl die ander helfte in die houtwerksentrum self doenig was. Daarna ruil die groepe dan net weer om. Vir hierdie doel sou die tyd vir Handwerk dan van twee uur per week vermeerder word na drie uur met die goedkeuring van die kringinspekteur en die skoolhoofde by hierdie reëling betrokke. Sodoende sou die seuns dan vir $1\frac{1}{2}$ uur teken- en vir $1\frac{1}{2}$ uur bankwerkonderrig per week ontvang.)²

Die uitbreiding van die Oostelike voorstede van Johannesburg het veroorsaak dat die Spes-Bona sentrum in Braamfontein te afgeleë geraak het vir seuns van die hoër standerds in hierdie dele en is die oorplasing van die metaalwerkuitrusting vanaf die Troyville Sentrale skool na die ou geboue van die Jeppe Hoërskool oorweeg. Dubbel klasse sou dan moontlik word aan die Troyville sentrum. Ook in Germiston is die moontlikheid van dubbelklasse oorweeg as

¹ Transvaal Education Department, Report 1915,
² Idem.

gevolg van die toenemende getalle en die onvermoë van die Departement om in die behoefte te voorsien van primêre sowel as sekondêre leerlinge. Oorweging is ook geskenk aan verdere voorsiening in Benoni, Boksburg en Springs omdat daar 'n skynbare migrasie van inwoners van Wes na Oos plaasgevind het as gevolg van beter vooruitsigte op die myne aldaar.)¹

Handwerk as deel van die leerplan vir hoërskole was nog steeds nie verpligtend vir alle leerlinge nie maar was slegs 'n keusevak en die organiseerder het dit dan ook as sy mening uitgespreek dat metaalwerk, veral aan die hoërskole wat in industriële gebiede lê, verpligtend moes word.)² Hierdie wens is egter nooit bewaarheid nie. So 'n beoogde metaalwerksentrum aan die hoërskool sou egter nie 'n gewone werkwinkel in die alledaagse sin van die woord wees nie, maar eerder 'n laboratorium waar akkuraatheid en presiesheid verwerf kon word deur die eenvoudige verwerking van metale. Die leerplan sou nie ambagsbekwaamheid beoog nie maar eerder die ontwikkeling van logiese denke en deurdagte handeling. Die onderliggende motief vir Handwerk is nie dieselfde as die van beroepsonderwys nie. Behalwe dat die gees van benadering opvoedkundig van aard is, is die tyd wat daaraan bestee word nie bevorderlik vir 'n ambag nie. Hoogstens drie uur per week word aan Handwerk bestee en dit is dus maar 'n klein deeltjie in die algemene opvoedingspatroon. Ook die uitrusting en onderrig in die gewone handwerksentrum staan vër agter by die van ambagsonderrig, omdat die gebruik van tyd- en werkbeparende masjiengereedskap die opvoedkundige waarde verkry van die onderrig, nadelig sou beïnvloed.

In die inspeksieverslae vir 1915 loof inspekteur Acheson die goeie werk van opsiener Wheeler aan die Oosrand en beveel weereens die uitbreiding van handwerk sterk aan. In-

¹ Transvaal Education Department, Report 1915,
² Idem.

spekteur Moerdijk van die Noordwestelike kring kla egter nog oor die afwesigheid van handwerkklasse aan die plattelandse skole en spreek dit as sy mening uit dat dit 'n gebrek is in die onderwysstelsel vir plaasskole waar die praktiese behoeftes van die lewe nie genoeg beklemtoon word nie.)¹

Die beroepsskool te Fordsburg, met die mooi idees daaraan verbonde het al gou ontaard of verwater tot 'n skool vir agterlike en vertraagde kinders. Leerlinge wat in hulle gewone skoolwerk nie kon vorder nie moes nou meer Handwerk neem as die gewone skoolkind, nl. een vol dag per week, maar dit het organisasie-moeilikhede meegebring aan die skole waarvandaan die kinders gestuur is en waar hulle die orige vier dae van die week onderrig ontvang het. Om hierdie moeilikhede te oorbrug, moes daar nou aan die Fordsburgse skool addisionele akkommodasie aangebring word sodat hierdie kinders voltyds hier opgeneem kon word en al hulle onderrig hier kon ontvang.)² Daarvoor sou dan 'n gehele nuwe gebou nodig wees. Dit sou dus die eerste skool in Transvaal word vir agterlike kinders met nadruk op Handwerk sonder om egter die ander vakke te verwaarloos. Hierdie skool kan dan beskou word as die voorloper van die hedendaagse bekende spesiale skole waarheen verstandelik agterlike kinders gestuur word met die doel om hulle langs meer praktiese weë tot nuttige burgers op te voed.

Hoewel die oorlog die ontwikkelingsgang van Handwerk aanmerklik vertraag het as gevolg van 'n gebrek aan uitrusting was daar egter nogtans stadige vordering. In die jaar 1917 het die getal handwerksentra in Transvaal met ses toegeneem terwyl daar 'n vermeerdering van 649 seuns was wat die klasse bygewoon het. Daar was nou 22 sentra aan die Rand, 19 in Pretoria en 17 in plattelande dorpe.)³ Die

)1 Transvaal Education Department, Report 1915, 149.
)2 Departement van Onderwijs Transvaal, Verslag 1917, 66.
)3 Ibid, 67

wenslikheid vir uitbreidingsmoontlikhede van hierdie vak het nog steeds toegeneem. Die grootste vordering is in die stedelike gebiede gemaak, hoewel inspekteurs hier nog steeds aanbevelings vir meer sentra gemaak het en verklaar het dat die aantal seuns wat verstoek gebly het van die voorreg om onderrig in die vak te kry, steeds jaarliks vergroot as gevolg van 'n gebrek aan akkommodasie, uitrusting en bevoegde onderwysers.)¹

Aan Handwerk op buitestedelike skole kon daar feitlik nog niks gedoen word nie. Akkommodasie en uitrusting was hier ook die groot probleem, maar 'n ander moeilikheid was die feit dat daar in die meeste gevalle nie genoeg seuns was om 'n handwerkonderwyser voltyds besig te hou nie, al was daar ook een beskikbaar. Die enigste oplossing sou dus wees as 'n gewone lid van die personeel dit op hom kon neem as deel van sy pligte. Met die oog hierop het die normaal-kollegesdan ook 'n kursus in Handwerk ingestel wat alle aspirantonderwysers moes volg. Veral die Pretoriase Normaal-kollege het hier baanbrekerswerk verrig en het begin met 'n sistematiese metode van onderwyspraktyk in Handwerk aan die nuwe handelsskool se sentrum.)²

Na die oorlog het die vorderingstempo weer aansienlik versnel. In 1929 maak Horne weereens melding van die goeie vordering wat daar op die gebied van handwerkonderwys gemaak is. Die getal handwerksentra het toegeneem en in bogenoemde jaar was daar presies 100 in vergelyking met die 40 van 10 jaar gelede, terwyl die aantal seuns wat in die jaar onderrig ontvang het, toegeneem het tot ongeveer 13,000.)³ Hierdie getal was natuurlik seuns in Sts. IV tot VIII wat hout- en metaalwerk geneem het. Daarbenewens was daar nog omtrent 11,000 kinders in die laer klasse wat kartonwerkon-

¹ Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1917, 67.
² Idem.
³ Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1922, 70.

derrig ontvang het.)¹

Horne wys ook daarop dat die uitbreiding van die vak na die kleiner plattelandse dorpe nou definitief begin koers kry. Van die twintig sentra in die laaste twee jaar opgerig, was daar slegs drie in die groot dorpe, terwyl die res in die platteland opgerig is.)²

Die stigting van die Intermediêre Skool in 1923 en die belangrike plek wat Handwerk daar in die leefplanne van die Sts.VII en VIII leerlinge ingeneem het, het die beste erkenning gevorm vir Handwerk as 'n hulp by die algemene onderwys. Intermediêre leerlinge sou elke week 'n volle skooldag in die handwerksentrum deurbring in 'n kursus wat daarop ingerig was om handigheid en konstruktiewe bekwaamheid tot 'n hoër peil te voer, om die feite en waarhede van die wetenskaplike prakties vas te stel en om aan Wiskunde 'n praktiese strekking te gee deur die onderwys op werklike probleme te baseer.)³

Die onderwyser in Handwerk het gou besef watter vertroue in hom gestel is deur werkskemas op te stel wat die nodige korrelasie met die genoemde skoolvakke sou bevat. Hierdie skemas was eenvormig goed en daar is dan ook goeie resultate behaal. Ten spyte van die feit dat Handwerk 'n losstaande vak was en die organisasie daarvan 'n aparte eenheid gevorm het met sy eie hoofde en inspekteur, is daar nogtans altyd getrag om dit te laat aanpas by die algemene skool en sy bedrywighede enersyds en by die van die ambagskole andersyds.

'n Interessante feit wat ook hier genoem kan word is die eksperiment wat in die jaar 1923 met inheemse houtsoorte in die sentra ingevoer is. Tot dusver was blykbaar nog net van ingevoerde gebruik gemaak, maar met die naoorlogse

¹ Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1922, 70.

² Idem.

³ Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1923, 101.

depressie en die algemene geldskaarste is besluit om ook inheemse hout, wat uit die aard van die saak goedkoper sou wees, te gebruik.)¹ Miskien as gevolg van vooroordeel of miskien omdat die hout sleg beleë gemaak is, was die algemene ontvangs daarvan, en die eksperimentele resultate nie baie gunstig nie. Soos later sal blyk, het hierdie toedrag van sake met verloop van tyd geleidelik verander.

5. Oorname van Beroepsonderwys deur die Unie Departement van Onderwys 1925.

Nadat die saak aangaande hoër en veral beroepsonderwys, reeds sedert 1911 gesloer het, is dit weer in 1923 aangeroei en in 1925 is daar eers definitief finaliteit in verband met hierdie saak bereik. Die Uniale owerhede sou nou die beheer oor tegniese en beroepskole van die Provinsiale onderwysdepartemente oorneem. Sedert 1 April 1925 sou Transvaal dan alle seggenskap aangaande beroepsonderwys oordra aan die Unie Onderwysdepartement en uitsluitlik in beheer bly van die akademiese onderwys in laer en middelbare skole. Hierdie oordrag is in 1926 finaal voltrek. Die oorhandiging van hierdie skole aan die beheer van die Unie Onderwysdepartement in 1925 was bloot om finansiële redes, en het geen opvoedkundige of administratiewe regverdiging gehad nie.)²

Ook die posisie van Horne as inspekteur en organiseerder van tegniese onderwys was met hierdie verandering gemeid. Die heer J. Orr het na die oorname die posisie as hoof van tegniese onderwys oorgeneem, terwyl Horne by die Transvaalse departement gebly het as inspekteur met spesiale toesig oor Handwerk en Wetenskap.)³

Soos blyk uit Horne se verslag oor tegniese onderwys in 1925 het hy met leedwese afskeid geneem van beroepson-

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1923, 102.

)2 Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie 1937, 105.

)3 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1925, 79.

derwys wat ongetwyfeld onder sy bekwame leiding vorm aan-geneem en 'n hoogtepunt bereik het. Onvermoeid soos altyd, het Horne nou al sy tyd bestee aan die bevordering van hand-werkonderrig of beter gestel: aan Opvoedkundige Handwerk waarvan nou meer gehoor sal word. Daar is nou definitief afgesien van „tegniese opleiding in die primêre stadium” en soortgelyke slagspreuke. In 'n breedvoerig verslag kla Horne dat daar nog misverstand bestaan oor die doel van handwerkonderrig en dat dit alte dikwels verwar word met beroepsopleiding. Selfs sommige onderwysers was onder die indruk dat die kind in die handwerksentrum iets in verband met 'n ambag leer terwyl ook 'n sekere onderwysvereniging geagiteer het vir meer praktiese onderrig in die handwerk-klasse.)¹

Om hierdie verwarring en wanbegrippe uit te skakel, het Horne, 'n pragtige logiese uiteensetting van die hele saak gegee en dit as volg saamgevat: „Both vocational training and manual training may be considered as the educationalizing of trade workshop processes; in the case of one, for industrialism, and in the case of the other, for general educational purposes. The former has now been reserved to the Union Department of Education, while the latter remains the function of the Provincial Department. It so remains I think, because the importance of motor activities in promoting mental growth as paramount in childhood. If that is conceded, the principle object of manual training is to promote mental growth in its pupils, and this can be the only reason for its' inclusion as a subject in the curriculum for a general education.”)²

Tot vandag word egter nog verskillende beskouings in verband met skolastiese handwerk daarop nagehou. Histories

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1925, 79.
)2 Transvaal Education Department, Report 1925, 79.

is Handwerk die oudste vorm van georganiseerde praktiese werk in skole en sedert die insluiting daarvan in die leerplan was die definisies daarvan en die verklarings van die doelstelling daarvan veelvuldig, en is daar seker nog nooit oor enige ander skoolvak so baie gegis, die doelstellings, die waarde en die metodes daarvan uiteengesit soos in Handwerk nie. Sommige van die definisies gegee was van 'n filosofiese aard; ander dat dit koördinasie tussen liggamsdele bevorder; andere weer dat dit sulke etiese karaktertrekke soos waarheid, eerlikheid en netheid ontwikkel terwyl nog andere 'n definitiewe beroepswaarde daaraan heg.

Handwerk moet egter beskou word as 'n deel van die algemene opvoedingspatroon met 'n definitiewe noodsaaklike waarde. As die besluit, nl. dat die doel van Handwerk is om geestelike groei te bevorder, aangeneem word, moet dit noodwendig plaasvind as 'n vorm van opvoeding en wel een waarin die begeerte van die kind om fisies aktief te wees deur die impuls om meganies te skep, gebruik word om die geestelike aktiwiteit te bevorder. Die gees word dus genoodsaak om deel te neem aan iets deur die liggaam verrig. Om dit moontlik te maak, moet die liggaamlike aktiwiteit dus nie bloot outomatiese handeling wees nie maar eerder iets wat meer dan gewoonte handeling vereis. Die handeling uitgevoer soos in handwerk, moet konstruktiewe gedagtes wek met 'n logiese volgorde waarin al die nodige stappe uitgevoer word. Om geestelike groei in die volle sin van die woord te bevorder, moet Handwerk aansluit by ander vorms van kennis, deur die toepassing van die waardevolle uit die ander vakke van die leerplan. Om dit moontlik te maak, moet die reeks praktiese oefeninge korreleer met die ander vakke van algemene opvoeding, bv. praktiese toepassing van Wiskunde, Meetkunde en Algebra sowel as Algemene

Natuurwetenskap. As hierby nog ingesluit word die aardrykskundige kennis oor die oorsprong van materiale en gereedskap, sowel as die geskiedenis daarvan en van groot manne op tegniese gebied, sal die handwerkkursus volledig opvoedkundig wees. Die onderrig moet gedurig ten doel hê die uit-skakeling van los en dwalende gedagtes en die korreksie van foutiewe uitdrukking as gevolg hiervan. Beide kultuur en die wetenskaplike gewoonte van waarneming vereis akkurate en volledige verklaring wat intelligent en in die regte taal uitgedruk moet word.

Die soort handwerk wat Horne dus nou voorstaan, is of kan beskou word, as 'n korreleerder van die akademiese en die praktiese, die abstrakte en die konkrete; „the cultivation of a just and legitimate familiarity betwixt the mind and things, rather than with simbols of things, in which intellectual developeent is the first consideration with manual dexterity to the extent possible as a natural concomitant through the use of tools and materials.”)¹ Handwerk kan dus hiervolgens nou gedefinieer word as elementêre onderrig in die gebruik van gereedskap, 'n algemene kennis van die meer bekende materiale en elementêre maganiese tekenwerk wat noodsaaklik is vir 'n reeks oefeninge tesame met onderrig in die afdelings van ander skoolvakke wat hiermee korreleer op so 'n wyse dat dit die geestelike ontwikkeling bevorder soos voorsien deur die leerplan as geheel.

Aan die einde van 1927 verskyn daar weer 'n omvattende verslag van die heer Horne in die departementele jaarverslag oor die toestand en vordering van Handwerk aan die akademiese skole onder beheer van die provinsiale onderwysdepartement. Aan die einde van die jaar was daar 137 sentra;)² 'n vermeerdering dus van sestien in twee jaar. Hier-

}1 Transvaal Education Department, Report 1925, 81.
}2 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1927, 83.

die aantal sluit sentra in by tien hoërskole en een aan die Pretoriase Normaalkollege. Van die res word twaalf egter ook besoek deur hoërskoolleerlinge, hoewel hulle ingelig is vir laerskoolleerlinge. Die sentra wat die drukste besoek word was nog steeds dié in die stedelike gebiede, veral Johannesburg, waar die gemiddelde aantal leerlinge wat een sentrum besoek van 200 tot 230 per week was.)¹ Selfs hierdie getalle het slegs tussen 60% en 70% van die moontlike getal waarvoor akkommodasie beskikbaar was, bedra wat te wyte was aan die interne organisasie van skole wat leerlingbydraes moes lewer soos bv. variërende getalle in ooreenstemmende standers van verskillende skole wat dit onmoontlik gemaak het om al die beskikbare fasiliteite voltyds te gebruik.)² Onder die omstandighede was dit seker die beste reëling waartoe daar in die stede gekom kon word. Die plattelandse sentra was egter net vir 'n geringe deel van die skoolweek gebruik as gevolg van groot afstande, klein getalle en die onmoontlikheid van sentralisasie.

In hierdie verslag behandel Horne ook die begrippe van handwerk, die onderwysmetodes wat toegepas word en die beskouing van die onderwyser self. Eerstens het hy dit dan oor die beskouing van die sg. „praktiese man” wat meen dat die ontwikkeling van handvaardigheid die uitsluitlike kriterium moet wees. Dit het natuurlik met Horne se sienswyse gebots en hy merk dan ook tereg op dat genoemde beskouing die geringste rede moet wees vir die opneem van handwerk in die leerplan van die gewone skool. Hy kla dan ook oor die feit dat hierdie negatiewe beskouing dikwels by onderwysers aangetref word, bv. wanneer hulle hout uitdeel met tweekeer die vereiste dikte en dan instruksie gee om dit na die regte mate af te skaaf, waardeur die kind dan goeie oefening in skaafwerk sou opdoen, of in oefeninge waar een

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1927, 83.
)2 Idem.

proses tot vervelens toe herhaal word. Hierdie vorm van drillinstruksie het algemeen in Transvaal voorgekom en kon moeilik as onderwys gestempel word. So 'n herhaling, wat geweldig inspanning vereis, verlaag dan nie alleen die belangstelling van die kind nie maar put hom fisies ook in so 'n mate uit dat hy nie meer 'n behoorlike kontrole oor die betrokke stuk gereedskap kan uitoefen nie, met die gevolg dat die resultate nie die beoogde kan bereik nie. Beheer oor gereedskap is noodsaaklik as 'n vorm van selfbeheersing wat die leerling moet verwerf saam met ander gedragsvorme. Behendigheid met gereedskap kan langsaam aangeleer word deur 'n verskeidenheid van gereedskapsprosesse en nie deur herhaling van een enkele proses alleen totdat vaardigheid daarin bereik is voor dit oorgegaan word tot die volgende proses nie.)¹ Die klaarblyklike rede hiervoor is dat die gebruik van een stuk gereedskap sal reageer op die voorafgaande gebruik van 'n ander totdat 'n algemene vaardigheid in die gebruik van alle soorte gereedskap bereik is en nie 'n spesifieke vaardigheid in net 'n paar nie. Dit impliseer 'n geestelike skerpsinnigheid in persepsie by die leerlinge en sluit gevolglik bewuste onderwys deur die sintuie in, in plaas van blote onbewuste verkryging van meganiese vaardigheid deur die spiersisteen. Hierdie vraagstuk openbaar hom ook in 'n ander aspek wanneer leerlinge bo St.IV van skole gekom het sonder Handwerk na skole wat dit wel doseer het. Dat handigheid en vaardigheid sal verbeter na gelang van die tyd deurgebring in 'n handwerksentrum kan natuurlik verwag word as 'n natuurlike en gewenste resultaat en dat dit 'n noodsaaklike gevolg is dat handvaardigheid sal verbeter deur die hoër standerds heen. Maar om hiervan af te lei dat kinders wat later in hul loopbaan eers handwerkonderrig begin ontvang as ander

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1927,

kinders, die oefeninge van een of twee standerds laer moet begin, omdat hulle vantevore geen handwerkonderrig gehad het nie, is verkeerd, in beginsel sowel as opvoedkundig. Hierdie leerlinge beskik, as gevolg van hulle algemene vermoë, die bekwaamheid om in te haal, mits daar 'n bietjie ekstra aandag aan hulle bestee word.)¹ Horne het sy onderwysers, was hoofsaaklik prakties gekwalifiseerd was, dan ook altyd hierdie opvoedkundige waarhede op die hart gedruk en aangespoor om af te sien van hulle ou metodes en vooroordele en soos later sal blyk, het hy ook 'n mate van sukses daarmee gehad.

Tweedens vergelyk Horne ook die toestande in hierdie verslag met dié in ander provinsies waar Handwerk gesien word as 'n uitleikanaal vir oortollige energie wat nie in die klaskamer benodig word nie, en as sodanig aangewend word in houtwerk of ander handwerk, om te leer deur te doen of om die gedagtes konstruktief besig te hou. Hierdie twee gedagtes hou meer in as wat met die eerste oogopslag skyn te blyk, en kan saamgevat word as die doel van Handwerk wat reeds as volg gekonstateer word, nl. -- "to develop habits of correct observation, clear thinking and accurate workmanship; it is useful in developing habits of self reliance and a will to preserve, since these qualities are essential for and are rewarded by tangible results; it also offers opportunities for the cultivation of resourcefulness, adaptability and initiative, and is of value in helping to realization of the importance of accuracy, for mistakes in the concrete are easily recognised and can seldom be wholly corrected.")² Hierdie beskouing wat veral in Kaapland gehuldig is, vergelyk dus goed met Horne se beskouing en was natuurlik bedoel vir handwerkonderwysers wat 'n ander sienswyse toegedaan was.

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1927, 85.
)2 Board of Education Circular 1292: Suggestions; The teaching of Handwork. (Revised Edition) 27.

Besoeke deur die inspekteur vir Handwerk gebring aan sentra op die platteland, wat onder beheer was van gewone onderwysers met slegs 'n endossement vir Handwerk op hulle sertifikate, het deurgaans getoon dat bogenoemde gewoontes beskou is as voorvallend of toevallig in plaas daarvan om dit direk te ontwikkel deur onderwys. Die standaard van werk was dan ook so laag dat Horne dit as pateties beskryf het. Hierdie onderwysers het hulle beste probeer lewer en kon as gevolg van hulle gebrekkige opleiding in hierdie vak egter nie blameer word nie. Sommige onderwysers met 'n natuurlike aanleg het hierdie gebrek bevredigend te bowe gekom maar nogtans was 'n verbetering in die toestand noodsaaklik. 'n Gespesialiseerde onderwyser met geen kennis van ander skoolvakke, sou hier nie deug nie, asook nie 'n rondreisende onderwyser nie. Om die probleem te bowe te kom, het Horne dan ook aanbeveel dat onderwysers daartoe geneë, meer moet spesialiseer in Handwerk en minder algemene vakke moes neem.)¹ Hy moes egter ook in staat wees om ander vakke te gee aangesien hy op 'n plaasskool nooit voltyds handwerk sou gee nie. In die Goewerment Gazette van Junie 1927 word dan ook 'n gewysigde normaalkursus aangekondig vir diegene wat verkies om in Handwerk te spesialiseer as deel van hulle onderwyskwalifikasies.

In die derde paragraaf handel Horne weer oor die vorm wat Handwerk offisieël in Transvaal moet aanneem. Dit moet nl. versigtig gekorreleer word met die ander skoolvakke en die onderwyser word gowaarsku teen isolasie. Hy moet gedurig die ander vakke in aanmerking neem en verhoed dat Handwerk 'n aparte losstaande kursus word deur geduring lig te werp op ander vakke en waar moontlik uit hulle verder te ontwikkel.)² Hierdie woorde definieer dan die doel van Handwerk as bevorderlik vir geestelike groei en dat hierdie be-

¹ Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1927,

85.

² Ibid,

86.

vordering moet geskied deur direkte onderwys in teenstelling met die vorige beskouing dat dit 'n outomatiese aanwesigheid is. Hierin lê dan opgesluit die erkenning dat Handwerk 'n onderwyssisteem is en dat die instrukteur die karakter van 'n professionele onderwyser dra. Hierdie besef sou stadig maar seker deurdring.

Met korrelasie word bedoel wisselwerking, ooreenstemming of samewerking, en hoewel dit in sommige kringe as uitgedien beskou is, was daar nogtans tekens van samewerking, veral tussen die wiskunde-, wetenskap- en handwerkonderwysers. Die besef dat die handwerksentrum deel van die skool is en dat die handwerkonderwyser ook sy deel in die skoolaktiwiteite moes hê, het algaande begin posvat. Omdat die handwerkonderwyser nie aan 'n bepaalde personeel verbonde was nie, is hulle dikwels genegeer en nooit geraadpleeg nie. Dit het Horne as 'n ernstige leemte in die stelsel beskou hoewel daar darem uitsonderings was, veral aan hoërskole.

Met die samestelling van die handwerkskema moes die prosedure wees om vooraf te besluit oor daardie beginsel van kennis wat moontlik en wenslik was om toe te pas in Handwerk. Vir die hoërskool en intermediêre skool sou dit hoofsaaklik daardie wees wat in Wiskunde en Wetenskap voorkom en wat natuurlik die resultaat moes wees van onderlinge raadpleging tussen die handwerkonderwyser en sy kollegas op die personeel. Na goedkeuring van die algemene breë skema deur die hoof sou dit dan die handwerkonderwyser se plig wees om die skema in fyner besonderhede uit te werk en oefeninge vir toepassing te soek of saam te stel.)¹ Verskeie probleme sou dan in aanmerking geneem moes word. Daar is 'n definitiewe orde waarin verskillende soorte gereedskap hanteer moet word; daar is verskille in fisiese

gesteldheid tussen kinders in dieselfde klas en daar is verskille in die tydperke van handwerkervaring by verskillende seuns in dieselfde klas. Dit het beteken dat die handwerkonderwyser verskillende ontwerpe sou moes voorsien om by die vermoë van elke groep of selfs individu te pas.

In die laerskool moet die reeks oefeninge lei tot volledige korrelasie met al die algemene vakke van die leerplan. Die handwerkonderwyser moet dus instrukteur sowel as onderwyser wees, en bevoegd wees om die vakke van die gewone leerplan te verstaan en toe te pas in die praktiese skema wat hyself ontwerp het, sowel as bevoegd wees om onderlig in die gebruik van gereedskap te gee en die hantering van materiaal om die praktiese werk moontlik te maak. Hy moet te alle tye opvoedkundig in die ware sin van die woord wees. Hy moet homself so grondig inleef in sy professie dat hy in staat sal wees om die tradisionele skeidsure tussen vakke daargestel deur die daaglikse rooster, af te breek en binne te dring. Saam met 'n breë kennis en vaardigheid in sy vak self, moet hy daardie persoonlikheid besit wat hom sal uitwys as 'n gids, filosoof en vriend op wie enige tyd 'n beroep gedoen kan word en wat deur eie innerlike dissipline 'n navolgenswaardige voorbeeld kan stel wat nie maklik in twyfel getrek kan word nie.

Gedurende hierdie jaar (1927) is ook 'n Transvaalse tak van die Instituut van Handwerkonderwysers (Engeland) gestig wat dan sou dien om die onderlinge belange van handwerkonderwysers te bevorder sowel as die kennis aangaande praktyk en nuwe idees te sirkuleer.)¹ Hierdie vereniging het dan ook dadelik erkenning van die onderwysdepartement ontvang deurdat dit uitgenooi is om 'n opinie te verstrek oor die voorgestelde wysiging in die regulasies oor die toekenning van handwerksertifikate aan onderwysers.)²

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1927, 91.
)2 Idem.

Aan die einde van 1930 het die aantal handwerksentra vermeerder tot 150 maar 'n groot behoefte aan meer fasiliteite het nog bly voortbestaan te oordeel na die groot getal aansoeke van skoolrade wat steeds bly instroom het.)¹ Afgesien van koste aan uitrusting het die eintlike gebrek bestaan aan geboue en 'n onvoldoende aantal opgeleide handwerkonderwysers. Verskeie skemas vir die opleiding van handwerkonderwysers is reeds voor 1929 oorweeg. In 1930 is daar met klasse aan die Witwatersrandse Tegniese Kollege begin wat onderwysers sou oplei vir die derdeklas instruktorsertifikaat.)² Die probleem om geskikte sentra te bekom, sou egter nog vir 'n lang tyd bly voortbestaan, veral op die platteland, waar afstande groot en getalle gering was. In die stede en dorpe kon altyd 'n heenkome gevind word deur ou kamers, winkels of buitegeboue, hoe gebrekkig ookal, in te rig en reg te maak. Op die platteland was sake egter anders. Daar is in die tyd selfs gedink aan 'n vervoerbare sentrum, bv. 'n groot toegeruste karavaan wat dan van skool na skool gesleep moes word, en waarin die kinders dan om die beurt instruksie moes ontvang. Selfs 'n ingerigte spoorwegwa is vir hierdie doel oorweeg, maar al hierdie moontlike middels sou om klaarblyklike redes onprakties en onuitvoerbaar wees.)³

In die tyd het nog slegs 50 persent van al die seuns tussen st. III en st. VIII in Transvaal handwerkonderrig ontvang,)⁴ en daar sou in die loop van die eersvolgende jare geen vooruitsig op verbetering wees nie. Die aanbou van nuwe sentra kon nie tredhou met die toename in skoolgaande seuns nie, en as die naderende depressie in aanmerking geneem word, moet daar besef word dat die toestand gladnie rooskleurig was nie aangesien 'n nuwe sentrum in vergelyking met 'n nuwe

}1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1930, 59.
}2 Idem.
}3 Ibid, 60.
}4 Idem.

klaskamer baie geld gekos het en in die tyd geweldige finansieële implikasies sou meebring. In opdrag van die onderwysdepartement is daar dan ook al in die jaar begin met besuiniging ten opsigte van Handwerk wat nuwe uitrusting sowel as materiaal betref. Ten spyte van die feit dat tenders altyd vooraf gevra is en materiaal en uitrusting op die goedkoopste mark teen groothandelspryse aangekoop is, het die koste per werkplek vir een leerling nog tussen £6 en £7 bedra.)¹ Om die aanvanklike koste van uitrusting dus binne redelike perke te hou, is baie aandag geskenk aan organisasie sodat klasse soveel moontlik agtereenvolgens die minimum aantal werkplekke of banke beset gedurende die skooldag. As 'n verdere middel tot besparing is ook weer aanbeveel dat selgs die helfte van die benodigde uitrusting aangeskaf word en die helfte van 'n klas dan handwerkonderrig ontvang, terwyl die ander helfte in 'n gewone klaskamer tekenwerk verrig om die beurt, aangesien tekenmateriaal goedkoop was en tekenwerk met 'n minimum uitrusting verrig kon word. Nog ander alternatiewe voorstelle was dat soveel moontlik kinders terselfdertyd in een sentrum geplaas moes word, dat klasse van gemengde standerds geneem moes word en dat die tyd aan Handwerk bestee, ingekort moes word.)² Deur sy hardnekkige weiering het Horne sy populariteit by die owerhede seker nie verhoog nie want al hierdie voorstelle het hy as onprakties en onuitvoerbaar verwerp. Hy het egter aan die hand gedoen dat ligte metaalwerkgereedskap aan nuwe sentra verskaf moes word aangesien dit goedkoper was om een lang metaalwerkbank met uitrusting te verskaf as 'n aantal houtwerkbanke. Die verhouding tussen werkplekke vir metaalwerk en plekke vir houtwerk kon dan wees een tot twee, wat dan tegelyk die voordeel bied dat die seuns in twee afdelings in plaas van een onderrig ontvang. 'n Werkskema kon ook baie maklik hiervoor

}1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1930, 61.
}2 Idem.

uitgewerk word. Elke onderwyser in Handwerk moes dan soveel moontlik aandag skenk aan ligte metaalwerk gedurende sy opleiding om sodoende bevoegd te raak om onderrig daarin te gee. Verder doen Horne ook aan die hand dat 'n sentrale magasyn in Johannesburg of Pretoria gestig moes word waarheen oortollige gereedskap van sentra, waarvan die getalle gedaal het of gesluit het, gestuur kon word vir herdistribusie, en ook waarheen gebreekte gereedskap vir herstel deur 'n deskundige gestuur kon word met die oog op heruitreiking. Hierdeur sou dan baie aan uitrusting bespaar kon word.)¹

In sy verslag loof die inspekteur vir Handwerk ook die bemoedigende toename in belangstelling vir handwerk van die kant van gewone onderwysers. Baie van hulle het begin oorslaan na 'n handwerkrigting en kort kursusse in die vak gaan bywoon. Om hulle kennis in die vak te verbeter, was dit egter nodig dat hulle aan 'n groot sentrum onder leiding van 'n deskundige kollega aangestel word, of 'n volledige herhalingskursus gaan bywoon. Baie onderwysers het dan ook spesiale moeite gedoen om hulleself te bekwaam, maar nogtans het Horne gevoel dat daar meer opsieners aangestel moes word om leiding te gee en self demonstrasieklasse moes waarneem wat as voorbeeld vir sulke onderwysers kon dien. In 1928 het hy dan ook reeds al aanbeveel dat Transvaal in 10 handwerkareas, uitgesonder die Rand en Pretoria, verdeel moes word, met 'n opsiener in elke area. Hiervan is egter net 4 gemagtig en die aangestelde opsieners het hulle werkkring in 1930 aanvaar waar hulle langdurige ervaring as voormalige verantwoordelike instrukteurs ongetwyfeld van groot nut sou wees. Met al sy ander administratiewe werksaamhede kon Horne egter self ook nog tyd vind om ten minste een keer elke twee jaar elke sentrum te besoek en te in-

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1930, 62.

spekteer. Bowendien het die sentra ook gereelde besoek van die kringinspekteurs ontvang.)¹

In sy verslag of rapport vir 1927 tot 1930 kla Horne nog oor die gesindheid van sommige skoolhoofde teenoor Handwerk as skoolvak. Opmerklik hier was nogal die gesindheid van plattelandse hoofde wat dan nie tyd op hulle roosters kon vind vir Handwerk nie, of dit in die middag na skool laat doen het met 'n gevolglike halfhartigheid en sodoende die vak as nutteloos verwerp het. In die stede is egter 'n volle twee uur per week in die gewone skoolrooster as die reël vir Handwerk beskou.)² Sommige stadshoofde het dit wel beskou as 'n afsonderlike en buitestaande vak maar ~~andere~~ ~~het~~ die weldadige invloed daarvan besef en verstaan, hetsy direk of indirek, op die skoolwerkzaamhede as geheel of op hulle leerlinge individueel. Laasgenoemde hoofde beskou Handwerk dan as 'n volwaardige vak sowel as 'n metode. Die tyd van ou teksboeke oor houtwerk was verby, veral deur die aandrang van sommige ywerige en belangstellende hoofde wat met reg altyd aangedring het op opvoedkundige Handwerk en die afgesaagde en verouderde modelle verontsaam het wat in werklikheid geen of weinig opvoedkundige waarde besit het.

Die steeds toenemende wurggreep van die depressie op die ekonomie van die land het egter een verblydende eienskap gehad, naamlik die feit dat Suid-Afrikaanse houtsoorte meer tot hulle reg begin kom het in die handwerksentra. Suid-Afrikaanse houtsoorte het reeds tussen twintig en dertig persent van die totale houtverbruik vir Handwerk uitmaak, en die tekens dat nog meer gebruik sou word, was reeds daar omdat ingevoerde soorte, as gevolg van invoerbepelkings en gebrek aan buitelandse valuta, steeds skaarser begin word het.

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1930,
)2 Idem.

Ten einde besparing te bewerkstellig, en na baie ooringewing van ander voorstelle, het die Departement in 1930 besluit om voorlopig Handwerk vir st.IV in die digter bevolkte dele af te skaf.)¹ Dit sou ook verligting bring vir die sentra wat reeds met toenemende getalle moes worstel. Hierdie stap is deur Horne betreur en in onomwonde taal veroordeel as 'n stap in die verkeerde rigting, maar iets moes gedoen word om die toestand, wat reeds haglik was, te verlig.

6. Veranderings sedert die Dertigjare en die Depressie 1933-1934.

Soos reeds vermeld, is daar in 1930 besluit om die st. IV klasse vir die groter standsentra af te skaf, 'n stap wat deur Horne as retrogressief bestempel is, maar klaarblyklik onvermydelik was. Dog bo die opvoedkundige skaduwee, wat deur hierdie onvermydelike en donker wolk veroorsaak is, het nou 'n heldere en veelbelowende horison hom uitgestrek. Daar is naamlik besluit om opleiding in Handwerk in te stel as vak wat gekies kon word vir die nuwe Transvaalse Junior-sertifikaateksamen.)² Die eerste eksamen sou reeds in 1932 gehou word. Die voordeel hieraan verbonde was dat Handwerk nou gelyke status naas ander vakke verkry het en nie meer na willekeur op 'n skool afgeskeep kon word nie. Die eksamen het die skoolhoof gebind om daarvoor sy regmatige plek en tyd op die skoolrooster in te ruim. Die vorm van Handwerk in die skool en die onderrig daarvan, moes nou van sodanige aard wees dat dit die leerlinge aanspoor en dwing om te dink. Daar moes dus, behalwe praktiese werk, sowel teoretiese vrae as tekenwerk, betreffende gevoelsuitdrukking en aanvanklike konstruksie, in die eksamen geëis word. 'n Sodanige toets sou dus lank nie so 'n gemaklike keuse wees nie; ewemin sou dit te veel van 'n kandidaat van die gemiddelde opvoedkundige peil van die agste skooljaar eis, aangesien dit 'n funksie van die opleiding van Handwerk is om

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1930,

66.

)2 Ibid,

68.

gelyke tred te hou met die algemene opvoeding in verband met die gewone vakke in die leerplan, soos nou uitgebrei tot die agste jaar, aan alle opvoedkundiges verduidelik is, en onder die bestaande onderwyspraktyk aanneemlik was.)¹

Teen die einde van 1931 het die finansiële posisie van Transvaal so benard geword, dat uitbreiding van Handwerk nagenoeg tot 'n stilstand gekom het, terwyl in sommige gevalle die bestaande fasiliteite vir hierdie vertakking van die opvoedkundige werksaamhede ingekrimp moes word. Met die heersende geldskaarste as voorwendsel is ook besluit om voorlopig ten minste, niemand in die plek van inspekteur Horne wat gepensioeneer is, te benoem nie en dat die kringinspekteurs voortaan, in oorleg met die opsieners van Handwerk verantwoordelik sal wees vir die vak.)² Die eienaardige van die posisie was dat Horne gepensioeneer is voordat hy die ouderdomsgrens bereik het en dat die posisie van 'n spesiale inspekteur vir Handwerk in Transvaal nooit weer herstel is nie, terwyl Kaapland en selfs die Vrystaat vandag nog inspekteurs vir hierdie vak het.

Aan Horne kom ongetwyfeld die eer toe dat hy in sy lang dienstermyn, vanaf 1908 tot 1931, die grondlegger en uitbouer was van die handwerksisteen in Transvaal. Deur sy onvermoeide ywer en belangstelling het Handwerk algemene erkenning gekry as volwaardige skoolvak naas die ander, wat as 'n besondere prestasie beskou moet word gesien teen die agtergrond van vooroordeel by opvoedkundiges sowel as die algemene publiek. Handwerk het met sy uittrede reeds beskik oor 150 sentra en 9 opsieners wat moes waak oor die standaard en vordering van die vak. Die aantal seuns wat in hierdie jaar die sentra besoek het, het te staan gekom op 16,565.)³ Dit was egter 2257 minder as die voorafgaande jaar wat toe-

)1 Departement van onderwys Transvaal, Verslag 1930, 68.
)2 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1931, 8.
)3 Ibid, 31.

geskryf kan word aan die onttrekking van st.IV aan handwerkonderrig.)¹

Die Uitvoerende Komitee het vroeg in 1932 (9 Febr.) ten opsigte van Handwerk en Huishoudkunde, tot verdere besuinigingsmaatreëls besluit, wat so goed as alle uitbreiding in hierdie rigting tot stilstand gedwing het. Geen nuwe sentra of uitrusting sou in die vervolg toegestaan word nie. Die Departement was verplig om verder te besuinig deur onderwyswerk op te dra aan opsieners en om handwerkonderwyser, sowel as gewone klasonderwysers onder leiding van die opsieners en onder algemene kontrole van die kringinspekteurs, verantwoordelik te maak vir Handwerk. Daardeur kon aan reiskoste bespaar word en die dienste van opsieners, handwerkonderwysers en gewone onderwysers dikwels meer ekonomies aangewend word. Die skadusy van hierdie reëling was egter dat die vak nie altyd daarby gebaat het nie en dat baie handwerkonderwysers hierdeur oortollig geraak het.)² Spesiale voorsiening vir 'n aanvullingskursus aan die Heidelbergse Normaalkollege is vir hierdie onderwysers gemaak, maar die ontevredenheid, nog verder vererger deur 'n aangekondigde verlaging in salarisse, wat so groot dat baie die diens vaarwel gesê het en elders 'n heenkome gaan soek het. Daar was nou 96 gekwalifiseerde handwerkonderwysers in diens van die Departement maar die getal opsieners het aangewas tot 12 om leiding te gee en toesig te hou oor die groot getal ongekwalfiseerde onderwysers wat Handwerk onderrig het.)³ Ook het in dié jaar 'n opsiener, organiseerder, lektor en skrywer oor handwerk, in die persoon van W.A. Milton, met pensioen afgetree.)⁴ Hy was alom bekend in handwerkkringe en het veral waardevolle dienste aan die Rand verrig wat organisasie van Handwerk aldaar

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1931,	31.
)2 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1932,	11.
)3 Ibid,	45.
)4 Ibid,	55.

betref sowel as die opleiding van handwerkonderwysers.

Op hierdie stadium sal dit nodig wees om die posisie van opsieners en handwerkonderwysers in die algemene onderwyspatroon van Transvaal na te gaan en vas te stel hoe hulle daarin gepas het. Handwerksentra het, wat interne organisasie betref, as onafhanklike eenhede gefungeer; losstaande van enige skool of die gesag van die hoof daarvan, hoewel baie sentra in die skoolgeboue self gehuisves was, of op die terrein daarvan gestaan het. Een of meer skole se kinders het 'n sentrum besoek en vir hulle moes 'n spesiale admissieregister in die sentrum aangehou word, soortgelyk aan die wat skoolhoofde moes hou, en waarin die leerlinge se name met volle besonderhede aangeteken moes word. Elke sentrum het ook sy eie afsonderlike geldelike toewysing jaarlikse ontvang wat deur die handwerkonderwyser geadministreer is. Verder moes elke sentrum sy eie volledige stel voornadboeke hê en die voorraad noukeurig bygehou word. Elke sentrum is dus afsonderlik soos 'n gewone skool geadministreer. Oor 'n aantal sentra was daar 'n opsiener aangestel met die status van 'n laerskool P 1 hoof)¹ wat eintlik kontrole en inspeksiewerk in die sentra gedoen het hoewel hulle ondergeskik aan die kringinspekteurs was wat uit die aard van die saak nie hierdie soort werk kon doen nie. Om die toestand dus op te som, kan die vergelyking gemaak word dat die handwerkonderwysers hoofde in sentra was met die status van assistent en die opsieners inspekteurs met die status van hoof.

Aan die begin van die volgende jaar, d.w.s. in 1933, is nog 'n opsiener aangestel)² sodat die totaal nou op dertien opsieners te staan gekom het wat dan ook die hoogste was wat Transvaal sou hê. Tot hiertoe was die invloed van Horne, wat die opsieners betref nog baie sterk, want hy het

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1935, 24.
)2 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1933, 37.

gedurig geagiteer om meer opsieners waardeur handwerk op 'n gesonde basis gestel sou word. Al gou hierna sou die Departement egter weer van beleid verander want na die afsterwe van 'n opsiener in 1934 is sy pos nie weer gevul nie en sy pligte eenvoudig net onder die ander verdeel. Hierdie nuwe beleid van die Departement kan in die woorde van direkteur Kuschke as volg aangehaal word: „n Opsigterspos wat vakant geraak het deur die dood van die bekleër daarvan is afgeskaf en die werkkring van 'n ander opsigter vergroot, sodat daar dus gevolg gegee is aan die Departement se beleid om geleidelik die getal opsigtersposte vir handwerk te verminder tot die punt waar die oorblywende opsigters 'n volle dag se werk sou doen - wat nie vandag die geval is nie.

„Ten einde die beste gebruik van die teenswoordige personeel te maak, sonder om juis enige poste af te skaf, is dit 'n aantal opsigters jare gelede opgedra om dwarsdeur die jaar as gewone instruksors aan bepaalde sentra op te tree. Die inkorting van die tyd wat beskikbaar is vir blote opsigwerk het geen inbreuk gemaak op die doeltreffendheid van die handwerksentra nie. Inteendeel, die instruksors wat in die verlede te veel las gehad het van inspeksies, is gelukkiger onder die nuwe stelsel en toon hulleself so waardig aan die groter vertrouwe wat in hulle gestel word, dat daar niks ernstigs verkeerd kan wees met die departement se beleid om 'n aantal opsigtersposte af te skaf na mate hulle vakant word.“¹

Dat die handwerkonderwysers so gelukkig was en dat daar niks verkeerd was met hierdie beleid van die Departement nie, kan nie sonder meer aanvaar word nie. Onthou moet word dat die opsigtersposte die enigste vooruitsig op bevordering vir die gewone handwerkonderwyser in die diens ingehou het en dat hierdie enigste deur nou vir hulle gesluit is.

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1935, 24.

Die gevolg hiervan was weer grootskaalse ontevredenheid by die handwerkonderwysers en 'n aantal het selfs die diens verlaat. Niemand het nou meer sinnigheid getoon om hom as handwerkonderwyser te gaan bekwaam nie met die gevolg dat, waar die Departement voorheen 'n reserwe aantal handwerkonderwysers in ander poste gereed gehad het, daar gou weer 'n tekort ontwikkel het. Wat die toestand nog verder vererger het was die feit dat die ou voorstelle van 1930, en waarteen Horne so sterk beswaar geopper het nou geleidelik maar stelselmatig deur die Departement in werking gebring is. Handwerkklasse is geleidelik vergroot tot 36 of meer leerlinge per klas, in sommige gevalle moes 'n onderwyser reeds onderrig gee in klasse van gemengde standerds, terwyl die aantal lesure per week ook geleidelik gekrimp het. Dat hierdie toestand nie bevorderlik was vir die tevredenheid van handwerkonderwysers nie, was dus begryplik, en die direkteur sou later die posisie van handwerkonderwysers moes verander om die onsekerheid uit die weg te ruim. Die idee van groter klasse en minder lesure per week sou egter bly voortbestaan, te meer nadat die „Nicol-Onderwyskommissie“ hom later ten gunste van hierdie beleid uitgespreek het.

7. Vordering en Uitbreiding na die Depressie tot en met die Tweede Wêreldoorlog.

Na die depressiejare kon daar van 1935 af weer vordering verwag word. Daar is dan ook daadwerklike pogings aangewend om die agterstand, wat geboue sowel as ander fasiliteite betref, in te haal. Ook die vak Handwerk het grootliks hierby gebaat, en die getal leerlinge wat handwerkonderrig ontvang het, het geleidelik toegeneem. In 1940 bv. is daar in 1 jaar reeds aan meer as 24,000 seuns onderrig in Handwerk verskaf.)¹ Die nuwe beleid van die departement, soos gesteun deur die aanbeveling van die „Nicol-Onderwyskommissie“, is egter oral stelselmatig toegepas, wat betref

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1940,

die grootte van sentra. Alle nuwe sentra sou voortaan voorsiening maak vir 'n minimum van 36 leerlinge, en ten spyte van proteste en teenstand van opsieners sowel as handwerkonderwysers, sou hierdie beleid hardnekkig volgehou word. In 1939 het die Departement dan ook spesiaal sy beleid in 'n omsendbrief aan alle skole as volg uiteengesit: „Geen maksimum vir een onderwyser/as sal vasgestel word nie en die departement kan ook nie die beperking van klasse tot 24 leerlinge goedkeur nie. (Horne se aanbeveling later gerugsteun deur opsieners.) Waar nodig word sentra gebou wat 36 leerlinge kan huisves.“¹

Die posisie wat die beskikbare aantal handwerkonderwysers betref, het alweer rede tot besorgdheid verwek. Die jaarlikse toename in leerlinge het al gou weer die voorsprong, wat verkry is aan onderwysers deur die afskaffing van st.IV klasse, uitgewis. Baie onderwysers het ook reeds ander werkkringe aanvaar en die besluit om Handwerk uit te brei tot st.X het bygedra om 'n tekort aan handwerkonderwysers te laat ontstaan. Daarby het die Unie se bydrae aan die Tweede Wêreldoorlog ook 'n hele aantal handwerkonderwysers weggelok of andersins buite aksie gestel, en sodoende bygedra om die tekort meteens ernstige afmetings te laat aanneem. Op hierdie stadium het die Transvaalse Onderwysdepartement geen fasiliteite gebied vir die opleiding van handwerkonderwysers nie, en die besef het eindelik na baie ver-toë deur die opsieners tot die departement deurgedring dat spoedige optrede noodsaaklik geword het. In die tyd is daar wel aan die Johannesburgse Tegniese Kollege 'n driejarige kursus ingestel vir die opleiding van handwerkinstrukteurs, maar die aantal wat diens aanvaar het by die Transvaalse onderwysdepartement het geen merkbare verligting in die toestand gebring nie. Die Departement sou self verplig wees

¹1 Departementele Omsendbrief Nr. 3, Junie 1939,

om handwerkonderwysers op te lei en in 'n omsendbrief in Augustus 1939 word daar ook 'n kursus in Handwerk aan die Pretoriase Normaalkollege vir 1940 in die vooruitsig gestel. Dit sou 'n eenjarige kursus wees en alleen opgeleide onderwysers sou toegelaat word. Om kandidate te werf is spesiale verlof toegestaan, 'n rentevrye lening kon deur kandidate verkry word terwyl hulle salarisse, na aflegging van die kursus met 2 kerwe in hulle onderskeie skale verhoog sou word. Die reaksie hierop was besonder teleurstellend aangesien slegs 4 kandidate hul in 1940 aangemeld het.)¹ Die rede hiervoor was natuurlik voor die hand liggend. Die moeilikhede aangaande bevorderingsaangeleenthede was nog presies dieselfde en gevolglik het onderwysers hulle liever in die akademiese rigting verder gaan bekwaam waar die vooruitsigte beter was. 'n Plan sou dus gemaak moes word om hierdie toestand reg te stel, maar dit sou eers 2 jaar later kom. Intussen het die posisie nie verbeter nie, hoewel die inskrywing vir hierdie spesiale kursus die volgende jaar, d.w.s. in 1941, ietwat verbeter het, en 10 kandidate hulle aangemeld het.)²

Soos reeds hierbo vermeld, het die Departement in 1938 besluit om Handwerk uit te brei na st.IX en st.X in die middelbare skole en as vak te erken vir die eindeksamen. Leerlinge wat die st.VIII eksamen met goeie gevolg afgeleë het, kon nou ook Handwerk in sts.IX en X volg mits fasiliteite beskikbaar was. Waar Handwerk tot en met st.VIII 'n verpligte vak was, kon dit nou in sts.IX en X as keusevak gevolg word en is saam met ander vakke in die leerplan gegroepeer. In Februarie 1940 is dan ook die eerste leerplan vir hout- en metaalwerk tot en met st.X gepubliseer.

Die matrikulasieraad het egter baie oortuigingswerk vereis voordat hulle wou instem om handwerk toe te laat as

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1940, 59.
)2 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1941, 95.

vak wat erken sou word vir vrystellingsdoeleindes van die matrikulasieeksamen. Die vak het natuurlik buite hulle ervaring en kennis gelê en hulle kon dit nie maklik versoen met die tradisionele vakkepatroon en statistiek nie, vandaar dan ook 'n kennisgewing deur die Departement in April 1940 wat versoek dat kandidate gelyktydig met Handwerk ook Wiskunde moes afskryf as hulle van die matrikulasieeksamen van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad vrystelling verlang. Hulle wou Handwerk dus nie erken as volwaardige matrikulasievak nie, en hierdie toestand sou voortduur tot vandag hoewel die posisie tog intussen effens verander is en bepaal is dat 'n derde taal in die plek van Wiskunde gestel kon word as erkenning vir Handwerk.

Om dus kortliks op te som, kan gesê word dat Opvoedkundige Handwerk as vak in die laerskole ingevoer is en slegs tot en met st.VI gegaan het. Daarna is dit ingevoer vir die intermediêre klasse en st.VII en st.VIII het ook onderrig in Handwerk ontvang. Die hoogtepunt het in 1940 gekom toe Handwerk ook erken is as vak vir die eindeksamen van die middelbare skool, hoewel onderhewig aan sekere voorwaardes.

In die laerskool het Handwerk egter stelselmatig begin verdwyn of is dit vervang deur 'n nuwe vorm van handwerk, Kunsvlyt genoem. Die vak was reeds vir st.IV afgeskaf en dit het nog slegs vir st.V en st.VI bestaan, maar met die geleidelike verwydering van st.VI klasse uit die laerskool na die hoër of juniorhoërskole het Handwerk nog net vir st.V aan die laerskole oorgebly en sou dit natuurlik ook in die gedrang kom.

Die Nicol-Onderwyskommissie het in paragraaf 359 van sy verslag as 'n saak van beleid aanbeveel dat Handwerk as afsonderlike skoolvak slegs in die klasse van die middelbare skool gedoseer moet word. Dit sou administratiewe moeïikhede verminder en koste beperk en ook het die ouderdomsgrense van

laerskoolklasse al sover gedaal dat gevoel is dat die laerskoolkind oor die algemeen nog fisies te onryp was om gereedskap konstruktief en akkuraat te gebruik. Die Departement het hierdie aanbeveling dan ook aanvaar en sou dit voortaan, d.w.s. van 1942 af, trapsgewys ten uitvoer bring, sodat Handwerk mettertyd geheel en al uit die laerskole sou verdwyn met uitsondering van Kunsvlyt natuurlik of, soos dit aanvanklik genoem is, Ligte Handwerk.

Met ingang 1942 het daar weer verandering gekom in die posisie van Handwerk. Alle onafhanklike sentra sou ophou om as sodanig te bestaan en onder die skole, as deel van een of ander besondere skool, ingeskakel word.)¹ Hierdie reorganisasie het aanleiding gegee tot heelwat onsekerheid by handwerkonderwysers wat betref hulle posisie, sekerheid in verband met hulle poste en vooruitsig op bevordering in die diens. Al sulke poste sou voortaan verbonde wees aan hoërskole, juniorhoërskole, skole met middelbare afdelings en skoolplase. Hierdeur het die Departement gevoel dat die ougrief van handwerkonderwysers nou verwyder was en dat die status en vooruitsigte op bevoordeing vir die betrokke onderwysers nou verbeter het. Daar sou nie langer 'n skeidslyn tussen hulle en hulle kollegas wat aan gewone skole onderwys gee, wees nie want hulle sou net sulke lede van die personeel wees as ander vakonderwysers en hulle het nou al die bevorderingsgeleenthede waartoe hulle kwalifikasies hulle geregtig gemaak het. Vir goedgekwalifiseerde applikante sou daar niks wees wat verhinder dat hulle hoofposte aan laer- of hoërskole, opsienersposte of poste aan normaalkolleges bekleed nie.

Aangesien daar nog 'n aantal onderwysers met kwalifikasies gelykstaande aan die Handearbeid-Onderwyssertifikaat, Derde klas, in diens van die Departement was wat graag die

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1942,

Tweede-klas sertifikaat wou bekom, maar dit nie kon doen as gevolg van gebrek aan fasiliteite, het die Unie Onderwysdepartement op versoek van die Transvaalse Onderwysdepartement ingewillig om eksamens vir die Handearbeid-Onderwyssertifikaat, Tweede-klas in 1942, 1943 en 1944 te hou en om onderwysers sonder opleiding tot die eksamen toe te laat. Hierdie kwalifikasies sodoende verkry sou dan erken word deur die Department tot en met einde 1944, maar nie daarna^{nie}, met die gevolg dat hierdie eksamen doodgeloop het. Die tekort aan gekwalifiseerde handwerkonderwysers het egter bly voortbestaan en aan die einde van 1943 doen die Departement weereens 'n beroep op diensdoende onderwysers om die eenjarige spesiale kursus aan die Pretoriase Normaal kollege te ondersteun, aangesien daar in 1943 geen kursus gehou is nie as gevolg van onvoldoende applikante. In 1944, 1945 en 1946 is weer kursusse gehou maar hierdie kursus het nooit baie populêr geword nie en die aantal kandidate het die minimum van 10 nooit vër oorskry nie. Die daaropvolgende drie jaar kon weer nie voldoende applikante gevind word nie maar in 1950 is weer 'n kursus gehou, waarna die Departement besluit het om die eenjarige kursus af te skaf en 'n nuwe stelsel te begin waardeur gewone studente hulle in vier jaar kon bekwaam as gegradueerde handwerkonderwysers. In plaas van die gewone onderwysdiploma kon hulle dan 'n handwerkdiploma verwerf. Hierdie nuwe kursus kon natuurlik nie onmiddellik handwerkonderwysers lewer nie en is daar gevolglik besluit om die eenjarige kursus vir diensdoende onderwysers nog vir een jaar voort te sit aan die Heidelbergse Normaalkollege terwyl Pretoria dan sou voortgaan met die nuwe kursus.

Intussen is die Departementele beleid in verband met opsieners voortgesit. Namate hierdie amptenare die ouder-

domsgrens bereik het en afgetree het, is hulle poste afgeskaf en die werk eenvoudig onder die oorblywende opsieners verdeel. Die posisie direk na die oorlog was dan dat daar nog net 5 opsieners oorgebly het. Die Transvaal het nou uit 4 opsienersareas bestaan met 'n opsieners oor elke area terwyl die vyfde opsieners aan die Johannesburgse Normaalkollege verbonde was waar hy die opsig uitgeoefen het oor 'n paar skole in die onmiddellike omgewing van die kollege en ook intussen die handwerkklasse van die normaal moes waarneem. Daar was dus vier voltydse en een deeltydse opsieners.

Dit sal ook waardevol wees om die Provinsiale Onderwyskommissie (Nicol-Kommissie) se bevinding en aanbeveling hier aan te haal en te vergelyk met wat uiteindelik daarvan tereg gekom het: „Van hierdie twee stelsels (opsieners onafhanklik en opsieners verbonde aan normaalkolleges) is die kommissie nie ten gunste van eersgenoemde nie, wat nog in die meeste gevalle in die provinsie gevolg word. Die swewende opsieners kom 'n skool sonder enige status binne; hy is nie 'n gereelde onderwyser of inspekteur nie. Dit word van hom verwag om 'n baie groot gebied te bearbei, met die gevolg dat sy invloed verstrooi word en min werk van 'n blywende aard verrig word.

Die kommissie gee die voorkeur aan die tweede stelsel genoem waarvolgens die opsieners 'n lid van die personeel van die normaalkollege word en sy tyd bestee aan die opleiding van onderwysers, deels by daardie inrigting en deels by die omliggende skole. Die stelsel kan tot 'n groter middelbare skool uitgebrei word. Die opsieners sal in ieder geval 'n gedeelte van sy tyd kan bestee aan sy vak in die inrigting waaraan hy verbonde is en 'n gedeelte aan kleiner inrigtings in die omtrek. By sy besoeke aan die skole wat aan hom toegewys word, sal hy die verdere opleiding van die onderwysers wat vir sy vak verantwoordelik is, as sy besondere taak

beskou. Hy sal terselfdertyd kan probeer om die geesdrif van die kinders vir sy vak aan te wakker. Dit sal sy plig wees om die distriksinspekteur van die nodige inligting te voorsien in verband met die werk wat in hierdie vak in die skool gedoen word. Dit word besef dat dit nie vir hom moontlik sal wees om baie skole terselfdertyd te bearbei nie maar na 'n paar kwartale kan hy na ander skole gaan en mettertyd sy hele omgewing deeglik bearbei. 'n Belangrike deel van die werk van die opsiener onder hierdie nuwe reëling sal wees om voorsettingsklasse vir onderwysers te hou. Hy sal dus in die eerste plek die opleider van onderwysers wees en sal dus gedurig in staat wees om die dosering van sy vak te beïnvloed. Vir salarisdoeleindes behoort hulle in alle gevalle as assistente aan normaalkolleges gegradeer te word aangesien die opleiding van onderwysers hulle vernaamste taak sal wees.

„Hierdie stelsel sal natuurlik lei tot die vermeerdering van die personeel, en ons beveel aan dat alle opsieners aan die gereelde personeel van die normaalkolleges of van die groter middelbare skole toegevoeg word.“)¹

Krities beskou, kan gesê word dat die bevinding van die kommissie gestrook het met die feite, nl. dat die opsienersareas te groot was, hulle invloed verstrooi word hierdeur en dat hulle status te gering was. Die aanbeveling ter verbetering van die bevinding was egter minder goed deurdag en geheel onprakties, vandaar dan ook dat daar niks van tereg gekom het nie en die Departement voortgegaan het met sy ingeslane beleid.

8. Die Invloed van die Tweede Wêreldoorlog, en die Na-oorlogse Vordering tot 1952.

Die tweede wêreldoorlog het, soos op ander oomblikke, sy invloed op die handwerkonderwys gehad. In die eerste plek

)1 Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, Par. 76, 77 en 78.

was dit hoofsaaklik verantwoordelik vir die skielike tekort aan handwerkonderwysers wat deur aansluiting by die weer- magte of andersins tydelik vir die beroep verlore was. 'n Heilsame uitwerking hiervan was egter die instelling van eie opleidingsfasiliteite deur die Transvaalse Onderwysdepartement waardeur 'n daadwerklike poging aangewend is om onafhanklik te raak van ander wisselvallige bronne vir handwerk- onderwysers.

Tweedens was daar, net soos gedurende die eerste wêreld- oorlog, weer moeilikhede met die toevoer van materiaal. In- voer vanaf die buiteland is onmiddellik deur die oorlog be- invloed terwyl die eie materiaal in 'n groot mate ook deur die oorlogspoging opgeëis is. Materiaal soos hout en metale van oorsese bronne veral het skaarser begin word en was la- ter feitlik onbekombaar. So was dit ook gesteld met ge- reedskap. Dit het al hoe meer beperk geraak terwyl die be- skikbare voorrade steeds duurder geword het sodat die Depar- tement later verplig was om minderwaardige goed teen onge- hoorde pryse aan te koop.

'n Groot voordeel aan hierdie toestande verbonde was egter dat die binnelandse bronne in 'n steeds toenemende mate ondersoek en ontgin is. Hier kan veral genoem word die ontginning van die Sentraal-Afrikaanse woude wat eertyds gevrees is en as ondeurdringbaar beskou is, waarvandaan daar vandag 'n ryke verskeidenheid houtsoorte kom. Ook die me- taalindustrie het geweldig ontwikkel en het sy skielike vooruitgang hoofsaaklik aan die oorlog te danke. By die ont- wikkeling van die metaalindustrie het handwerk egter weinig gebaat omdat alle metale eers vir die oorlogsdoeleindes aan- gewend is en later deur die industrieë en nywerhede opge- slurp is om die agterstand, veroorsaak deur die oorlog, in te haal. In hulle verslag vir 1946-1947 kla die opsieners

dan ook oor die verwaarlosing van metaalwerk in die skole: „'n Algemene agteruitgang in metaalwerk het plaasgevind, grootliks te wyte aan die moeilikheid wat die skole ondervind om die nodige materiaal te verkry.”)¹ Wat hout betref, was die toestand beter hoewel nie wat dit kon gewees het nie. Houtsoorte van Sentraal- en Oos-Afrika het stelselmatig die plek van oorsese houtsoorte begin inneem sodat die behoefte aan sekere oorsese soorte vandag nie meer so erg gevoel word nie.

Gedurende en ook na die oorlog het Handwerk as vak steeds toegeneem in omvang en gewildheid, veral na die oprigting van juniorhoërskole. In ooreenstemming met die aanbeveling van die „Nicol-kommissie” het dit 'n verpligte vak geword vir alle seuns vanaf st.VI tot en met st.VIII terwyl dit 'n keusevak geword het vir st.IX en X. Die toenemende gewildheid blyk veral uit die steeds stygende getal wat jaarliks vir Handwerk as matriekvak ingeskryf het. In die eerste jaar, nl. 1940 was daar slegs vier kandidate. Vyf jaar later was die getal al 239 terwyl die jongste beskikbare getal die 600 kerf al oorskry het. Dit kan ook redelikerwys aangeneem word dat selfs groter vooruitgang in hierdie opsig gemaak sou gewees het as dit nie was vir die onsekerheid, veroorsaak deur die houding van die Matrikulasieraad en die Universiteite, teenoor die vak nie.

Sedert die inskakeling van die vak by die gewone skole onder die skoolhoofde was daar 'n merkbare neiging om die tyd wat aan handwerkonderwys bestee word, in te kort. Die vooruitsig op uitbreiding wat uiteengsit is in die Algemene Omsendbrief Nr.6 van 1944, was 'n moedige poging om met ou instellings te breek, hoewel omstandighede meegewerk het om die uitvoering daarvan op die lange baan te skuif.

Na die oorlog is daar ook 'n begin gemaak om die hand-

werkonderwyser, met steeds groter wordende klasse en kleiner wordende aantal lesperiodes per klas, se taak ietwat te verlig deur die verskaffing van ligte hout- en metaalwerkmasjienerie. Omdat daar in hierdie opsig van invoer afhanklik was, het die verskaffing van sulke masjiene maar stadig gevorder en het die onderrigkoste per leerling in hierdie vak geweldig gestyg. Na tien jaar kan alle sentra vandag egter spog met 'n goeie stel kragaangedrewe masjien-gereedskap. Ook leerlinge is in die geleentheid gestel om sommige van hierdie masjiene te hanteer wat natuurlik neig om die waarde en gewildheid van die vak nog verder te verhoog in teenstelling met Horne se opvoedkundige besware gemaak teen die gebruik van sulke gereedskap wat ~~so~~korlik juis was, maar nie meer kon tredhou met die nuwe verwikkelinge nie.

In 1943 is die ou stelsel van eksterne praktiese eksamen vir st.VIII en st.X afgeskaf en 'n interne eksamen van tien ure ingevoer om aan te pas by plaaslike omstandighede.)¹ Take is deur individuele handwerkonderwysers voorberei en aan die opsieners voorgelê vir goedkeuring. Die eksamen vind dan sover moontlik onder eksamentoestande plaas, maar die onderwysers doen self die puntetoekenning wat later deur die opsieners gekontroleer word. Dit sou

wel baie werk en onkoste van owerheidsweë uitskakel, maar 'n duidelike swakheid van hierdie stelsel was die probleem om 'n eenvormige standaard deur die provinsie te handhaaf en om die praktiese punte in verband en ooreenstemmig met die teoretiese te hou. Hierdie probleem sou in die jongste tyd weer tot 'n krisis ontwikkel deur dreigemente van die Matrikulasieraad om sy erkenning van Handwerk as matriekvak terug te trek, indien daar nie verandering en verbetering in die toestand kom nie. Hierdeur is

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1947, 151.

die stelsel van interne praktiese eksamen dan ook afgeskaf en word 'n stelsel van praktiese jaarpunte deur die onderwyser opgestel en deur die opsiener gekontroleer, op die proef gestel.

Aan die einde van 1949 kon die opsieners in hulle verslag met voldoening melding maak van die feit dat, op enkele uitsonderings na, alle middelbare skole toegerus was vir handwerk. By alle nuwe skole wat na die oorlog opgerig is, was daar voorsiening gemaak vir een ruim handwerksentrum, wat ten minste 36 leerlinge kon huisves, bereken op 'n basis van 500 leerlinge as maksimum vir 'n hoërskool of junior-hoërskool. Met die verandering van die Departementele beleid na 750 leerlinge as maksimum vir hoërskole het een sentrum per skool onvoldoende geblyk te wees en is al sulke groot skole sedert 1950 gebou met twee sentra. Sulke groot skole het dan ook die mode geword in die digter bevolkte dele, veral in Pretoria en aan die Rand. Van die ouer skole wat deur hierdie reëling getref is, moes inderhaas addisionele akkommodasie bekom asook 'n tweede sentrum, meesal in die vorm van tydelike lokale wat mettert tyd deur permanente geboue vervang is. Die dringende behoefte aan geboue na die oorlog was egter nou ingehaal. Baie van die ouer handwerklokale is ook gemoderniseer deur die voorsiening van toebehore volgens spesifikasies wat deur die Departement in 1946 goedgekeur is.

Wat die posisie van onderwysers in die tyd betref, het die opsieners nog steeds rede gehad om te kla. Ten spyte van die getal onderwysers wat gedurende die paar voorafgaande jare gekwalifiseer het in Handwerk, is dikwels moeilikhede ondervind om plaasvervangers te vind vir onderwysers wat met verlof wou gaan en het dit dikwels gebeur dat 'n handwerksentrum vir die kwartaal waarin die onderwyser met verlof afwesig was, gesluit moes word. As enigste uitweg

moes onderwysers dikwels van permanente poste gesekondêr word om tydelik die sentrum aan die gang te hou.

Verder rapporteer die opsieners ook in die jaar met tevreedenheid oor die feit dat baie van die senior handwerkonderwysers A-poste aan hulle betrokke skole gekry het, terwyl drie tot vise-prinsipaalskappe en een tot prinsipaalskap bevorder is.)¹ Dit wat natuurlik 'n direkte uitvloei- sel van die inskakeling van handwerkonderwysers by die ge- wone skoolpersonele waardeur getrag is om die ongerymdheid en ontevredenheid uit die weg te ruim.

Met die geleidelike afskaffing van die juniorsertifi- kaateksamen aan juniorhoërskole en intermediêre skole se- dert 1946 het die posisie van die opsieners weer in die ge- drang gekom. Hulle kontrolewerk met die eksamen het vermin- der en sedert die werkskemas die verantwoordelikheid van die skoolhoofde geword het, het die Departement gevoel dat vyf opsieners vir Handwerk in Transvaal te veel was. Met die veelvuldige veranderings van die salarisskale sedert 1947 het die opsienersposte ook in graad gedaal sodat dit in 1949 gelykstaande was aan die van 'n C laer skoolhoofskap. So groot was die ontevredenheid dat een opsiener bedank het waarna die opsienersposte weer een graad verhoog is in 1950 maar die vakante opsienerspos is nie weer gevul nie. Daarby is nog twee van die oorblywende poste afgeskaf in 1951. Die twee betrokke opsieners moes poste aan die Pretoriase en Jo- hannesburgse Normaalkolleges aanvaar terwyl daar in die ver- volg net twee opsieners vir die hele Transvaal sou wees.

Die vierjarige gekombineerde akademiese en professione- le kursus, gedeeltelik aan die universiteit en gedeeltelik aan die onderwyskollege wat spesialisering in handwerk in- gesluit het en in 1949 begin is, het ook nie die verwagte aantal leerkragte vir Handwerk gelewer nie. Van die onderwy-

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1947, 148.

sers wat op hierdie manier gekwalifiseer het, het daar weinig in Handwerk onderwys gaan gee. Die akademiese rigting is nog steeds as die rigting met die meeste voordele, soos bv. promosie ens., beskou, met die gevolg dat hierdie onderwysers hulle liever gaan toespits het op die akademiese rigting waarvoor hulle dubbele kwalifikasies hulle ook bevoegd maak het. Die tekort aan handwerkonderwysers, waaroor die opsieners weereens in 1951 kla, sou dus bly voortbestaan indien nuwe middele nie op die proef gestel is nie. In 1953 is daar toe besluit om ook nog 'n driejarige algemene professionele kursus aan te bied met spesialisering in Handwerk. Hierdie kursus sou dus beter aan sy doel beantwoord aangesien die kandidate hulle uitsluitlik sou bepaal by Handwerk en geen akademiese kwalifikasies kon verwerf wat hulle sou weglok van Handwerk nie. Hiernaas sou die gekombineerde graadkursus egter ook nog bly voortbestaan.

In hulle tweejaarlikse verslag vir 1951 maak die opsieners weer melding van bevredigende vordering veral wat die seniorklasse aan die hoërskole betref. Hierdie vordering kan natuurlik gedeeltelik toegeskryf word aan die verhoging in status van die ou juniorhoërskole tot hoërskole aan die begin van 1951. Die opsieners vind dit ook eienaardig dat Handwerk gaandeweg meer populêr geword het op die platteland terwyl die geval in die stede net andersom was. „Dit wil voorkom asof die vak meer gewild is op die platteland, en dit is merkwaardig dat van die 22 hoërskole in die gebiede Johannesburg en Witwatersrand-Wes en 14 skole in die Oosrandse gebiede, slegs agt uit bogenoemde groep en vier uit laasgenoemde kandidate vir die 1951 eksamen ingeskryf het. Die aantal uitsonderings op die platteland was gering.”¹ Redes hiervoor was natuurlik te vind. Die gebrek aan manne-

)1 Departement van Onderwys Transvaal, Verslag 1951, 220.

krag in die stede het baie seuns wat Handwerk sou wou neem, weggelok na die ambagte en tegniese kolleges terwyl die wat universiteit toe wou gaan liewer ander vakke gekies het aangesien die universiteit nog steeds Handwerk net onder spesiale voorwaardes wou aanvaar. Tweedens kan genoem word die feit dat sekere hoërskole in 1951 geklassifiseer is as akademiese skole an ander as praktiese skole met die gevolg dat sommige akademiese skole nie meer die nodigheid van Handwerk as matriekvak kon insien nie. Hierdie toestand sou later weer herstel word.

Spesiale aandag is ook aan die sg. aanpassingsklasse bestee wat as gevolg van die nuwe beleid van die Departement sedert 1951 aan hoërskole ontstaan het. Die idee was dan om aan hierdie vertraagde leerlinge, wat weens hulle ouderdomme na die hoërskole oorgeplaas is, 'n uitgebreide kursus in Handwerk te gee. Hierdie leerlinge, tesame met die normale toename in jaarlikse inskrywings het alweer 'n tekort aan akkommodasie sowel as leerkragte laat ontstaan met die gevolg dat die ontwikkeling in die laaste tyd alweer gestrem word. Die toestand het ook meer ingewikkeld geword as gevolg van organisasie-moeilikhede wat voortspruit uit die groot keuse van vakke wat skole in 'n steeds toenemende mate aanbied. Die gevolg van hierdie keuse is dat die tyd wat aan Handwerk uit die aard van die saak toekom, steeds meer en meer ingekort word of wat nog erger is, oor verskeie enkel periodes versprei word. Toekenning op so 'n basis is begrypplikerwys nie van veel waarde nie en die op-sieners het dan ook altyd beswaar daarteen geopper.

Die toestand, wat Handwerk veral betref, lei dus onvermydelik na 'n krisis waarvoor 'n uitweg gevind sal moet word. Miskien kan die gedifferensieëerde skool van die toekoms hier 'n oplossing bied.

E. SAMEVATTING.

Handwerk is 'n baie ou bedryf en wortel in die ontwikkelingsgeskiedenis van die mensdom. Dit was reeds aanwesig in prehistoriese tye soos wat die argeoloë dan ook kan bewys aan die hand van oorblyfsels van die werk van ou stamme en volkere.

Uit historiese tye is daar talryke voorbeelde en bewyse dat handwerk oral op groot skaal beoefen is. Afgesien van tasbare voorbeelde van die handwerk, wat in sommige gevalle in museums bewaar word, word daar ook nog in baie ou geskifte melding gemaak en beskrywings gegee oor handwerk. Handwerk as sodanig het dan ook sy hoogtepunt bereik gedurende die Renaissance toe dit ook sy grootste meesters in die geskiedenis opgelewer het. Die Industriële Revolusie het 'n einde gebring aan hierdie glorietydperk van die handwerk.

Ook uit die geskiedenis van die onderwys blyk dit dat handwerk 'n ou instelling is. In die verlede het daar dikwels inrigtings bestaan waar praktiese werk onderrig is, hoewel dit meer gegaan het om beroepsleiding. Verskillende geestelike en kulturele leiers het dit ook van tyd tot tyd gepropageer en die waarde daarvan pertinent onder die aandag gebring.

Aan Finland kom egter die eer toe as die eerste land wat 'n behoorlike stelsel van Opvoedkundige Handwerk uitgewerk en in die praktyk toegepas het. Uno Cygnaeus was die man wat hom hier veral beywer het en in 1866 daarin slaag om handwerkonderwys verpligtend in die laerskole van Finland te maak.

Swede was die land wat die grootste invloed uitgeoefen het op die gebied van die handwerkonderwys deurdat studente van baie ander lande hier vertrouwd kom raak het met die

handwerkstelsel van Otto Salomon, die voorstander van Slojd, en die stelsel die wêreld ingedra het.

In 1896 word die eerste spore van handwerkonderwys in Transvaal aangetref. In die jare is die Slojdmetode van houtwerkonderrig ingevoer aan die Staatsmodelskool te Pretoria maar dit sou vanweë die dreigende oorlog nie verder uitbrei nie.

Na die Anglo-Boereoorlog is Handwerk as vak in die laerskole op groot skaal ingevoer deur die Engelse bewindhebbers. Handwerkonderrig neem reeds na die tweede jaar weer sy plek in as deel van die skoolsisteem van die Kolonie Transvaal.

In 1908 gaan die Transvaalse Onderwysdepartement oor tot die aanstelling van 'n inspekteur en organiseerder van tegniese onderwys waardeur Handwerk eintlik sy beslag gekry het in die Transvaalse skole. Die onderrig van die vak is aanvanklik beskou as die primêre stadium van tegniese onderwys. Hierna het daar 'n geweldige uitbreiding van Handwerk plaasgevind, veral in die dorpskole waar die getalle meer gekonsentreerd was.

As gevolg van die geldelike moeilikhede waarin die Provinsies verkeer het, is tegniese onderwys in 1926 oorgeneem deur die Unie Departement van Onderwys. Hierna word die handwerk aan die algemene skole beskou as 'n suiwer kulturele vak met opvoedkundige oormerke. Handwerk word ook nou stelselmatig uitgebrei na die hoër klasse en kry dan ook sy finale beslag hier met die oprigting van die intermediêre skool.

As gevolg van 'n tekort aan akkommodasie in die stedelike gebiede is daar in 1930 'n begin gemaak met die afskaffing van st.IV klasse veral aan die Oos- en Sentraalandse sentra. In die jaar verkry Handwerk egter 'n nuwe status deur die erkenning daarvan as vak vir die Transvaalse juniorsertifikaat.

In 1938 word Handwerk ook uitgebrei na Sts.IX en X en vorder dit nog 'n stap deurdat dit erken word as vak vir die eindeksamen van die Transvaalse middelbare skool, hoewel onderhewig aan sekere voorwaardes. Die eerste eksamen hierin is dan ook gehou in 1940 waarvoor vier kandidate ingeskryf het.

Met die wegneem van St.VI klasse aan die laerskool en die oorplasing daarvan na die hoërskole het Handwerk as vak ook van die laerskole verdwyn. Na aanleiding van die „Nicol-Onderwyskommissie" is besluit dat Handwerk na 1940 slegs 'n hoërskoolvak sou wees.

In 1940 begin die Transvaalse onderwysdepartement self met die opleiding van handwerkonderwysers. Dit was 'n poging om onafhanklik te wees van wisselvallige bronne vir die voorsiening van handwerkonderwysers en ook om die bestaande tekort aan te vul. Aanvanklik is slegs eenjarige kursus se vir gekwalifiseerde diensdoende onderwysers gereël, maar in 1949 is 'n gekombineerde vierjarige kursus ingestel en in 1953 ook 'n driejarige kursus.

Die getal opsienersposte wat net na die aftrede van inspekteur Horne op dertien te staan gekom het, is geleidelik verminder totdat dit in 1951 finaal op twee gestel is.